# Die MATIE

EGE-EN-SESTIGSTE JAARGANG | NO 5 **WOENSDAG 10 FEBRUARIE 2010** GRATIS OP KAMPUS VERSPREI

Die Bloukamer
Restaurant - Catering- Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neelsie Centre
...where friends meet!
021 808 2846
erika@diebloukamer.co.za

**AKTUELE SAKE**
Helshoogte-debakel: die feite **4**

**Woordfees** 1 – 7 Maart 2010



**DAG & NAG**
Antony and Cleopatra reviewed **17**

**KWYTRAAK**
Prof Amanda Gouws praat oor uitdagings **20**





**JS MARAIS FYNBOS GOES UP IN FLAMES** A firefighter covers his face as fynbos burns mere meters away from him in the JS Marais Park on Saturday 6 February. He was waiting for the hose to be reconnected after a previous one had burst. The Stellenbosch fire department suspected that the fire had been started by a discarded cigarette butt. Photo: JOHANN SWART

### Sukses van dubbelmediumonderrig ontlok groot debat, navorsing wys US verengels

# Afrikaans op universiteitsvlak wéér in kollig

**PIETER BOTHA EN DIRK SNYMAN**

Dit is tyd vir almal, vir wie Afrikaans belangrik is, om hande te vat, koppe bymekaar te sit en vorentoe te beweeg."

Met dié woorde het oudpresident FW de Klerk die onlangse taalberaad oor die toekoms van Afrikaans op universiteitsvlak geopen.

Bykans 60 deelnemers van 26 verskillende organisasies het deelgeneem aan die beraad wat op 28 Januarie by die Vredenheimlandgoed buite Stellenbosch gehou is. Die beraad is deur die FW de Klerk-stigting georganiseer.

'n Paneelbespreking het besin oor die belang van Afrikaans as universiteitstaal in die breër Afrikaanse gemeenskap.

Die noodsaaklikheid van konstruktiewe gesprekvoering, inklusiwiteit en samewerking is deur verskeie sprekers beklemtoon.

Prof Wannie Carstens, voorsitter: Afrikaanse Taalraad (ATR), het die rol van die ATR as sambreelliggaam vir organisasies gemoeid met Afrikaans bespreek.

Die uitvoerende hoof van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA), mnr Christo van der Rheede, het gepraat oor taalbemagtiging deur moedertaalonderrig en die moontlikheid van 'n gratis Afrikaanse universiteit.

Hy het die byeenkoms gekritiseer as "nie verteenwoordigend van die hele Afrikaanssprekende gemeenskap nie". Slegs enkele van die deelnemers aan die beraad was nie wit nie.

"Universiteite moet besef taalbeleid op tersiêre vlak is nie meer 'eie' sake nie, maar 'algemene' sake," het US-raadslid prof Hermann Giliomee gesê.

Prof Magda Fourie, viserektor: Onderrig, het egter genoem dat universiteite se rade volgens wet uit 'n meerderheid buitepersone en alumni bestaan en dus die regmatige besluitnemers is.

Mnr Chris Klopper van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie het die afname in die aantal Afrikaanse skole betreur en gesê dat universiteite Afrikaans moet uitbou tot 'n "taal van aspirasie".

Die voorsitter van die vakbond Solidariteit, dr Flip Buys, het Afrikaans se posisie in die werkplek bespreek.

"Die voortbestaan van 'n taal word grootliks bepaal deur die ekonomiese gebruikswaarde daarvan."

Die beskerming van taalregte deur die grondwet is ook bespreek en daar is gemeen dat Afrikaansprekendes meer op dié regte moet staan.

Die middag is verskillende beskikbare onderrigmodelle in oënskou geneem en verteenwoordigers van die voormalige Afrikaanse universiteite, naamlik die Universiteite van Pretoria, die Vrystaat, Noordwes en Stellenbosch, het hul standpunte gestel.

Indien die doel bloot is om moedertaalonderrig te verskaf, is die tolk van klasse 'n haalbare opsie.

Noordwes-Universiteit is die enigste universiteit in die land wat dié opsie gebruik met klasse wat aangebied word in vier verskillende tale deur middel van tolkdienste.

Dit gee die tradisioneel Afrikaanse universiteit die geleentheid om byvoorbeeld buitelandse dosente aan te stel.

Verder word kampusdiversiteit en inklusiwiteit bevorder deurdat studente uit 'n wye verskeidenheid taalgroepe gewerf kan word. Boonop is die bedryfskostes van dié opsie relatief laag, alhoewel die aanskaf van byvoorbeeld hoorapparate wel duur is.

*– vervolg op p2*
*– sien nog 'n berig en foto op p3*








**Dis weer tyd vir die US Woordfees!**
Kom baljaar saam van **1 tot 7 Maart**
Besoek **woordfees.co.za** of **LitNet** vir die program.
Bespreek solank by **Computicket (083 915 8000)**, **Die Oude Libertas Amfiteater (021-809 7473)**.
Kaartjies te koop op die **Lettere-gebou se tweede vloer** van **1 tot 6 Maart**.







**HUIS, PALEIS, PONDOK?** Vier skeepsvraghouers gaan as studentebehuising by Helderberg-manskoshuis geïnstalleer word. Topshell Leef, wat die Bliksem (Blik vir Studente En Mense)-produkreeks insluit, rig skeepsvraghouers as wooneenhede in. Hier staan die Bliksem-student op uitstalling in Victoriastraat in Desember 2009. **Foto's: VERSKAF** ***(Deon van der Merwe)***

Vier skeepsvraghouers vir proeftydperk by Helderberg-manskoshuis staangemaak

# Toekoms van studentebehuising op kampus

**ANIKA MARAIS**

Topshell, in samewerking met die Universiteit Stellenbosch (US), beplan om tydelik vier skeepsvraghouers as studentebehuising by Helderberg-manskoshuis te installeer. Die kontrak vir verdere bestellings tussen Topshell en die US is op 8 Februarie geteken.

"In die toekoms wil die US 6 000 beddens op kampus skep," verduidelik Deon van der Merwe, besturende direkteur: Topshell. "Tot tyd en wyl die US hierdie behuising beplan en geskep het, kan Topshell kort- en mediumtermynbehuising aan studente bied." Topshell Leef sluit die Bliksem (Blik vir Studente En Mense)-produkreeks in, wat uit die Bliksem-student (enkelkamer), die Bliksem-dubbelstudent (twee enkelkamers) en Bliksem-seniorstudent (eenheid vir getroude paartjies) bestaan.

"Die US kan niks verloor nie; hulle hoef geen kapitaal uit te haal nie. Dit is 'n wen-wensituasie. Dit gee hulle tyd om hul beplanning te doen," meen Van der Merwe. Topshell beplan om die skeepsvraghouers op die US se terreine, soos byvoorbeeld by Helderberg, te plaas. Die bedrag wat die US van die student vir koshuisverblyf sou ontvang, word dan aan Topshell betaal.

Pieter Kloppers, bestuurder: Studentehuisvesting, beaam dit en sê: "Die US toon belangstelling daarin vir toekomstige uitbreidings waartydens mense tydelik verskuif sal moet word. Andersins kan dit in die toekoms ook ekstra huisvesting verskaf, sonder kapitaaluitleg van die US se kant af".

Die Bliksem-student is 'n 1x6m-enkelkamer met 'n ensuite-badkamer en die Bliksem-dubbelstudent is twee enkelkamers met 'n gedeelde badkamer, terwyl die 1x12m Bliksem-seniorstudent 'n aparte slaapkamer en leefarea sowel as 'n kombuis en ensuite-badkamer het. Die afwerking van die Bliksem-produkreeks is luuks met ingeboude kaste, boekrakke, lessenaars, lugversorging, mengerkrane, veiligheidshek, diefwering en plek vir 'n yskas en mikrogolfoond. Die US verskaf die matras en stoele.

"Die vraag wat Pieter Kloppers vra is hoe benader 'n mens die beginsel dat 'n ouer van die platteland betaal dat sy kind in 'n skeepsvraghouer gehuisves word," beklemtoon Van der Merwe. "Daarom het ons gefokus op die luukse afwerkings binne-in die skeepsvraghouer. Ek kan sonder twyfel sê daar is geen studentelokaal in die koshuise met dieselfde luukse afwerking nie. Ek is trots op ons werk, want dit gee 'n mens nie 'n goedkoop gevoel nie. Ons het nog nie een enkele persoon, uit verskeie

**"Die US kan niks verloor nie; hulle hoef nie kapitaal uit te haal nie. Dit is 'n wen-wen-situasie."**

sektore van die samelewing, gehad met negatiewe terugvoer nie."

Van der Merwe het vyf jaar se ondervinding in die omskep van skeepsvraghouers. "Ons het gepoog om die interieur in te rig sodat die studente nie voel hulle bly in 'n karavaan nie."

Kloppers is ook beïndruk met die projek. "Ek dink dit is ongelooflik. Tog is dit ook 'n kulturele ding – binne pla dit glad nie, maar as jy buite staan is jy bewus van die skeepsvraghouer."

Daar gaan drie Bliksem-studente en een Bliksem-seniorstudent by Helderberg geplaas word. "Nog niemand is geplaas nie," sê Kloppers. "Ons gaan eers huidige Helderberg-studente die geleentheid gee om daar te gaan bly, sou hulle wou. Andersins sal Studentehuisvesting studente daar plaas." Die inwonende hoof van Helderberg se assistent gaan in die Bliksem-seniorstudent bly.

Die vier eenhede gaan agter Helderberg geïnstalleer word. "Onder die bome is drie areas geïdentifiseer waar ons die eenhede gaan plaas. Die plasing word juis só gedoen dat dit onder bome is om 'n landelike atmosfeer te skep," sê Leon van den Heever, inwonende hoof: Helderberg.

Van den Heever meen ook dat studente wat in hierdie eenhede gaan bly ten volle by Helderberg gaan inskakel.

"Tans bestaan die koshuis uit drie geboue wat beteken dat daar alreeds studente apart van mekaar bly. Dit behoort geen invloed op die deelname van studente in die skeepsvraghouers te hê nie."

Helderberg is opgewonde om deel te wees van dié projek. "Indien 'n projek soos hierdie in die toekoms daartoe kan bydra dat ons meer behuising beskikbaar kan stel teen bekostigbare pryse, sal Helderberg graag deel wees van die ondersoek daarna. Dit is in hierdie lig dat ons besluit het om dit uit te toets en te kyk wat die studente se ervaring van hierdie tipe huisvesting is," meen Van den Heever.

Die ontwikkeling van die Bliksem-projek het in Mei 2009 begin. "Ek het die idee gekry van studentebehuising in Holland, waar studente in woonstelblokke van skeepsvraghouers op kampus woon," sê Van der Merwe.

Die skeepsvraghouers kan tot vyf verdiepings hoog op mekaar gestapel word. Op een tennisbaan kan 14x12m-eenhede langs mekaar geplaas word, vier verdiepings hoog. Dit sluit dan 56 eenhede in wat 112 mense kan akkommodeer.

Hy is ook opgewonde daaroor dat as die skeepsvraghouers geskuif word, "laat ons geen voetspore agter nie. Ons gooi geen fondasie nie en die skeepsvraghouer is herwinbaar".

Hy vertel dat ander instansies soos die Rugby Instituut en Sport-Prestasie Instituut (SUSPI) ook belangstel in moontlike studentebehuising in skeepsvraghouers.

"Belangstelling het ook reeds gekom vanaf die olie- en filmbedryf vir behuising."

## INTERKAMPUS | INTERCAMPUS

*deur Elnari Potgieter*

### Geweldddadige optogte teister TUT-kampus

'N HOFINTERDIK is teen 400 inwoners gekry om 'n koshuis op die Soshanguve-kampus van die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) te verlaat as gevolg van gewelddadige optogte wat verbind word met die Pan-Afrikaanse Beweging van Azanië op hierdie kampus. Nog geen persone is gearresteer nie.

Tydens die ontruiming is daar ook op 'n dagga-plantasie agter die koshuis afgekom.

Die kampus was gesluit tot Woensdag 3 Februarie, nadat wetteloosheid en dwelm- en drankmisbruik sowel as wangedrag onlangs die kampus gekenmerk het.

Volgens SAPA-verslaggewers in die *Mail&Guardian* van 31 Januarie 2010, is alle studente-raadslede uit hul amp geskors.

Miljoene gaan nou belê word om die universiteit se sekuriteit te verbeter.

Dít is besluit na afloop van die burgemeester van Pretoria, mnr Gwen Ramokgopa, se besoek aan die TUT-kampus op 2 Februarie. Daar gaan in die toekoms spesifiek gelet word op beter beheer oor toegang tot die kampus.

Intussen is veral leiers van die Pan Afrikanistiese Kongres (PAK) ongelukkig oor die manier waarop die universiteit die indruk wek dat politieke partye amok maak op kampus.

*News24.com* berig op 2 Februarie dat studenteleiers slegs hul misnoeë wou uitspreek oor ernstige kwessies soos akademie en finansiële uitsluiting aan die TUT.

### 28% drop-out in Zim

A LACK of foreign currency to settle tuition fees, continued victimisation of student leaders by security forces and inadequate housing due to a lack of water and dilapidated infrastructure caused a drop-out rate of over 28% at the University of Zimbabwe in January 2010.

Fees between US$300 and US$1 500 are mostly unpayable for citizens of this country that has an unemployment rate of 90% and where the highest paid civil servant earns US$200 a month.

ZINASU (Zimbabwe National Students Union) held a crisis meeting with Prime Minister Morgan Tsvangirai two weeks ago. In the past students have exchanged groceries and livestock for cash. International assistance is currently being sourced, according to *University World News*.

### Roomys-universiteit

DIE CARPIGIANI Gelato-Universiteit in Bologna, Italië, het vanjaar 'n 90%-toename in inskrywings beleef, berig die *Telegraph* van 1 Februarie 2010. Studente kom van regoor die wêreld, almal met een droom voor oë, naamlik om die wêreld se beste roomys te leer vervaardig. Dié universiteit is 'n uitvloeisel van die Carpigiani-maatskappy, wat verantwoordelik is vir sowat 70% van die wêreld se Gelato-vervaardiging. Kreatiwiteit is duidelik te siene in kombinasies wat strek van peer en parmesaan tot suurlemoen en basiliekruid. Ierse studente neem dit egter 'n stappie verder. Hulle eksperimenteer tans met bier-gegeurde Gelato, het die ywerige student Seb Cole aan die *Telegraph* genoem.

netopi@ Internet Centre
facebook
Suite 12, De Waal Centre
77 Andringa Street, Stellenbosch
( Entrance between Jetline & Klaradyn opp. Brazen Head)
Tel. 021 88 77 878
facebook
High Speed ADSL 4MB
Internet Connection
facebook
Computer Usage
* R3 per 15 minutes *
facebook
• Printing • Photocopying
• Tel & Fax • Prepaid Airtime
• Flashdisks • CD/DVD Writing
• Scanning • CV Typing
• Laminating • Binding
facebook




Jack Parow klets oor musiek, keps en *cool*-wees

# Koning van die *trailer park*

**MARINETTE POTGIETER**

Al ooit gehoor van die ou met die snor by die *bar*? Wel, vir diegene wat nie weet nie: Dit is die legendariese Jack Parow, *fully equipped* met sy berugte lang kep en *Pep Stores*-broek.

Dié baldadige kunstenaar het Dinsdagaand 2 Februarie saam met die plaaslike *indie*-groep DearClient by Aandklas opgtree en omtrent vir 'n stampvol *venue* gesorg.

**Waar kom jy aan die naam "Jack Parow"? Hoe het jou musiekloopbaan as Jack Parow begin?**

Ek was een aand dronk en toe kyk ek *Pirates of the Carribean* en toe *tune* ek: "F*k Jack Sparrow, *the pirate of the Carribean*. Ek is Jack Parow, *the pirate of the caravan park*." En toe's dit myne.

**Waar kry jy inspirasie vir jou lirieke?**

Van alles: *parties*, dronk mense, lekker karre, lekker *tunes*. *Basically* enigiets wat in my pad val.

**Watter rol het name soos Die Antwoord, Die Heuwels Fantasties en Van Coke Kartel in die sukses van jou loopbaan gespeel?**

Wel, ek dink hulle het almal 'n rol daarin gespeel so ek is dankbaar vir hulle almal.

Die *tune* met Heuwels veral het my *fame* buite die *ghetto* en die rowwe strate van Bellville en Parow gekry.

**Waar het jy die idee van die hoed gekry en hoekom verkoop jy nie sulkes by jou *shows* nie?**

Ek het dit by my kief tjommie, Richard de Jager, gekry. Ek het altyd op straathoeke en by *robots* gerap vir geld. Die son het my gebrand en heeltyd in my blêrrie oë geskyn so toe *tune* hy: "Hoekom maak jy nie net daai keps van jou se voorkant langer nie." Toe doen ek dit. Hy's baie slim.

**Wat maak jou musiek anders as dié van ander kunstenaars?**

Dis *rap* en dis eerlik en ek probeer nie iemand wees wat ek nie is nie. Ek is wie ek is en dis dit.

**Wie is die een kunstenaar met wie jy nog sou wou *collaborate*?**

Steve en Joost – weet nie of Joost kan sing nie – en ek wil 'n *remix* van *"Ho's in Different Area Codes"* met hulle doen en, natuurlik, Robbie Wessels en Koos Kombuis.

**Wat sou jy vandag gedoen het as jy nie sukses met jou musiek behaal het nie?**

Karre gewas het of by 'n *AA meeting* gewees het.

**Waar sien jy jou loopbaan oor tien jaar?**

F****n *worldwide*.

**Watter belaglike gerugte het jy al van jouself gehoor?**

F****t, baie. Een was dat ek eintlik 'n *Nigerian* is en net 'n wit persoon gebruik om my musiek te sing sodat ek in die mark in kan kom.

**Wat is die ongemaklikste vraag wat jy nog ooit gevra was?**

My een tjommie, Willie, het gevra dat ek sy vrou moet *pregnant* maak. Dit was *weird*.

**Het jy ooit gedink dat jy vandag sou wees waar jy is ten opsigte van jou loopbaan?**

Nooit nie. Van die straathoek na die *stage*: dis k*k lekker.

**Het jy enige raad vir opkomende kunstenaars?**

Wees jou f****n self en kap dit *next level fresh*. Moenie *change* waarvan jy hou omdat ander mense sê jou k*k gan nooit werk nie.



**'N *SHOW* OM JOU HOED VOOR AF TE HAAL** Die Afrikaanse *rap*-ikoon Jack Parow het laasweek Dinsdag 'n suksesvolle *gig* in 'n stampvol Aandklas gehad. **Foto: JOHANN SWART**

Rock trio **Van Coke Kartel** will be kicking out the jams at Aandklas tonight. The noise starts at 22:00 and admission is R30.

Hugenote Kollege op Wellington se JOOL-Bandslam vind Donderdag 11 Februarie plaas. Die *line-up* sluit **Die Chenin Blances, The Queen & Us, Obsessie met Als, Zinkplaat en Die Heuwels Fantasties** in. Die partytjie begin 17:00 en kaartjies beloop R50.

**Tidal Waves and No One's Arc** are playing at Bohemia tomorrow night. The show starts at 21:00 and entrance is free.

Die **Raka *Unplugged* Musiekfees** vind hierdie naweek (12 tot 14 Februarie) by die Kam'Bati-kampeerterrein buite Swellendam plaas. Kaartjies vir die naweek kos R250 by Computicket en R300 by die hek. Die line-up is:

Vrydag 12 Feb:
17:00 – Die A-Span
17:40 – Ysterkoei
18:20 – Gary Thomas
19:20 – No One's Arc
20:20 – The Pretty Blue Guns
21:40 – Ryno Velvet
23:00 – Gerald Clark
00:00 – Albert Frost
01:00 – Jo Martin

Saterdag 13 Feb:
10:00 – Manoushe
11:00 – Verniel
11:40 – Etienne Terblanche
12:20 – Die Einstes
13:00 – Thomas Krane
13:40 – Johannine
14:20 – Youth
15:00 – Baarmoedergevoel
16:00 – Mr Cat & The Jackal
17:00 – Adriaan de Beer & The-Merry-Go-Rounds
18:00 – Hugo Brand
19:00 – Louwtjie Rothman
20:00 – Zinkplaat
21:20 – Pierre Greeff
22:40 – Tidal Waves
00:00 – Hot Water
01:00 – Jo Martin

Vrydag 14 Feb:
10:00 – The Black Cat Bones
11:00 – Basson Laubscher Blues All Stars
12:00 – Nog blues

**MORBO vs PSYDSTEP** will go down at Mystic Boer on Friday 12 February. It starts at 19:00 with none other than Jack Parow as MC.

Violis **Benjamin Schmid** is Saterdag 13 Februarie om 20:00 in die Endler te siene. Schmid speel 'n egte Stradivarius-viool. Kaartjies is teen R95 en R75 by Computicket beskikbaar.

**Bed on Bricks** will be doing their thing at Bohemia on Thursday 18 February. The show starts at 21:00 and admission is, as always, free.

Die Tiepolo Ensemble en die kamerkoor van die Würzburgse katedraal voer Vrydag 19 Februarie **Bach se Johannespassie** in die Endlersaal uit. Hulle word deur die Schola Cantorum-kamerkoor bygestaan. Die konsert begin om 20:00 en kaartjies kos R75 en R95.

**Thieve, Knave and Verona Walls** are playing at Mercury Live on Friday 19 February. The music starts at 20:00.

**Gazelle, Jack Parow, The Plastics** en ander is Saterdag 20 Februarie by The Assembly te siene. Kaartjies sal jou R60 uit die sak jaag indien jy by die hek koop. Andersins kan jy kaartjies teen R40 deur hul webtuiste koop.

# Koos se *Kombi's* reis rowwe era binne

**MELINDI DE KOCK**

DIE VOËLVRY-BEWEGING was in baie opsigte nie net 'n *rock*-toer wat die apartheid-regime in die stormagtige tagtigerjare bevraagteken het nie.

Vir Koos Kombuis en die magdom ander jong musikante wat hierdie revolusie in Afrikaanse musiek veroorsaak het, was dit ook 'n tydperk van woede en pure opstandigheid.

Met sy tweede outobiografie, *Die Tyd van die Kombi's*, verskaf Kombuis 'n leeservaring wat intiem en skaamteloos hierdie "wildernisjare" van sy lewe beskryf.

Vir baie van die Voëlvry-volgelinge was die toer 'n vorm van verset teen die apartheidsideologie. Hulle was dáár en hulle was déél van hierdie onstuimige oproer en al die koerantopskifte.

Dit is om dié rede dat Kombuis besluit het om oor die Voëlvry-beweging te praat.

Hy formuleer sy motivering vir die skryf van hierdie boek soos volg:

"I want to answer the question which I have been evading for such a long time, the question which every journalist I know and half of my friends (those who are still alive) have been asking me regularly the last few years:

'Was Voëlvry and all those things worth it in the end?' and 'What do you think of Afrikaans music?' or 'Tell us some stories from the Alternative Movement.'"

Kombuis het 'n groot rol in hierdie revolusie in Afrikaanse musiek gespeel.

Vir hom was die indoktrinasie van die "gewone Afrikaner" met die tipiese skaap-mentaliteit té eenvoudig en té eentonig. Afrikaners het dringend 'n verandering wat hul fondamente wreed – maar lekker – sou skud, nodig gehad.

Kombuis en sy trawante het dit op hulle geneem om die gemaksone van die Afrikaner te verstoor.




Saam met Kombuis (André Letoit) het ouens soos Johannes Kerkorrel, Bernoldus Niemand, Hanepoot van Tonder en Dagga-Dirk Uys (die bestuurder) gou genoeg skaamteloos en met klipharde tjoens soos "Sit dit Af" en "Almal Moet Gerook Raak" die donker kant van die Afrikaner-bourgeoisie ontbloot.

Hulle het 'n hele generasie onherroeplik verander deur hul kwaai, energieke proteslirieke en *stage acts*.

In sommige gevalle het die polisie ingespring om die *shows* te stop.

Kombuis huiwer nie vir 'n oomblik om sy kenmerkende skerp sosiale kommentaar en tussen-die-lyne kritiek te lewer nie.

Hy slaag daarin om op sy eie manier sy mond uit te spoel oor hedendaagste *issues* soos politiek en Afrikaanse musiek.

Kombuis speel nie die rol van 'n aweregse patriot vir Suid-Afrika nie, maar 'n mens kan nie anders as om deur sy satiriese kommentaar steeds sy liefde vir sy land op te merk nie.

Dit voel asof Kombuis met die skryf van die boek 'n genesingsproses ondergaan het.

Herinneringe word opgeroep: *Piekniek by Dingaan*; Oppikoppi-ervarings; 'n aantal *love affairs* (soms oor die kleurgrens); die dominante Afrikanermentaliteit en -kultuur in daai jare en jong kunstenaars soos Bernoldus Niemand en Johannes Kerkorrel.

Daar is iets lewendigs omtrent hierdie boek sowel as iets pynvol en oorbodig. Kombuis se memoir is ietwat arrogant, maar sy persoonlike perspektief op die alternatiewe Afrikaanse beweging maak dit tog amusant, soms skokkend, en plek-plek hartverskeurend.

'n Mens verstaan vanaf die eerste hoofstuk dat Kombuis sy verwronge realiteit soms té veel met 'n fantasiewêreld verweef, wat die geloofwaardigheid van die boek soms verswak.

Hierdie feit is veral duidelik as 'n mens in ag neem dat gebeure nie altyd chronologies of duidelik op mekaar volg nie en dat plekname en datums soms afwesig is.

Al is die tyd van die kombi's lank reeds verby, is hierdie boek 'n moet-hê vir enige boekrak.

Madsen mixes the classical with the contemporary

# No ordinary clarinettist

**ARTS DESK**

The Endler Hall played host to Lone Madsen, an internationally acclaimed clarinettist, on Saturday 23 February.

This artist's recently released album, *White Sands*, offers a stylistic combination of classical and contemporary sounds and has been lauded as a stellar achievement by the music industry.

Madsen's Stellenbosch performance forms part of her South African tour, of which the Johannesburg International Mozart Festival is certainly the highlight.

**You have made a name for yourself with the clarinet. Do you play any other instruments?**

I play a bit of piano, which I find helpful for composition purposes.

**Which musicians, composers or genres do you regard as your main or most important influences?**

My main influence has been the classical repertoire from different periods: Bach, Mozart, Brahms, Schumann, Stravinsky, Messaien; but I enjoy a lot of other music like Piazzola, jazz, rock and rap. Good music is good music.

My teacher Charlie Neidich, clarinettist extraordinaire, has been a huge influence on me as well as Robert Levin and Alfred Brendel amongst others.

**You are also an actress and a dancer. Would you say these activities are necessary distractions from your musical career? Or are they extenstions of your musical career?**

I think acting and dance has only given me an extra dimension to being a performing artist and I do not regret for a minute having studied either. I would not say it is a necessity for all musicians to also do this, but I have certainly gained much from both disciplines. For example: from looking at art in its historical context, simple characterisation, confidence and stage presence, to gaining pure physical strength as a performer.

**What made you decide to tour South Africa?**

I was invited by the artistic director Florian Uhlig of the Johannesburg International Mozart Festival to come to South Africa to play a Mozart Concerto.

**You recently performed in the Endler Hall at Stellenbosch University. Could you tell us a bit about that experience?**

It was a wonderful experience. I had the pleasure of also playing with Nina Schumann and Peter Martens. Despite only having had one rehearsal, we pulled it together and had lots of fun, and the audience was very receptive. What a lovely hall to play in!

**With your recently released album *White Sands* you aim to bridge the gap between classical and popular music. How did you go about doing this and what was your motivation for doing so?**

I wanted to bring the clarinet to a wider audience. I find the timbre and the quality of the instrument very beautiful and wanted more people to hear it.

So I experimented with some of my favorite classical melodies, not necessarily in the clarinet repertoire, including some original melodies of my own, and worked them in such a way that the music still had its roots in the classical world but with a contemporary feel.

I collaborated with some wonderful musicians from all musical genres on the record and I have been getting some fantastic feedback from my audience.

**You were born in Denmark, raised in England and educated at Julliard in New York. Has moving between these different locations had any impact on your musical style and career?**

Most definitely it has influenced my music. I have been lucky enough to travel and work all over the world and have lived in many different countries and been exposed to many different cultures. This I find exciting.

I also love the diversity that you get living in cities like New York and London.

**Could you tell us a bit about your classical group The Lumen Ensemble? What was the reason behind its formation and how has it progressed over the years?**

We met at the Sarasota Music Festival in the States and just fell in love with the combination of instruments.

Maurice Banaszek is the most extraordinary viola player from Poland and Jan Rautio is an extremely gifted pianist from Russia.

We just love playing together and take every opportunity to do so.

**What attracted you to the upcoming Johannesburg International Mozart Festival? And what can audiences expect?**

The idea of coming to such a beautiful country to perform was obviously appealing and Florian Uhlig and Richard Cock's exploration of musical hemispheres in this year's festival seemed very attractive.

I was also very keen to work with the kids in Soweto from the Melodi Music Project.

It was thrilling to give workshops to such enthusiastic students with an enormous appetite to learn. I wish it were always like that!

**You have already collaborated with the likes of Andrea Bocelli and Milton Babbit. Are there any contemporary pop or rock artists you would like to collaborate with?**

I would love to work with Sting. I met him recently... A very nice guy and he has not specifically worked with a clarinettist yet, so we shall see. I have a dream that I might work with Woody Allen one day in one of his movies. He is also a clarinettist, you know.

I would also love to come back and collaborate with some of the popular South African artists I heard on the radio while I was here. I love the feel of the music and it would make for an interesting exploration of two worlds.



**HIGH NOTES** Lone Madsen recently performed in the Endler Hall. After that she will make an appearance at the Johannesburg International Mozart Festival on 23 February. **Photo: SUPPLIED**





# Academy now honours wider selection of films

**ROBERT KADEN**

WHEN the Academy of Motion Picture Arts and Sciences (AMPAS) announced its selection of nominees for the coveted Oscar-statuette on Tuesday 2 February, things were not exactly what one would call business-as-usual.

For the first time since 1944, the Academy nominated ten films – instead of the usual five – in the category Best Motion Picture. The result: An interesting variety of cinematic works (that otherwise would not have received the recognition they deserve) has suddenly become the focus of the media and audiences alike.

Several of the movies in the running for the Oscar have already reached South African shores and have been been met with ample love from local audiences. James Cameron's ***Avatar*** immediately comes to mind. This movie was number one at the worldwide box office for almost seven weeks and has almost ousted Cameron's own *Titanic* from the position as the highest grossing movie of all time.

Movies such as ***District 9***, ***Up*** and ***Inglourious Basterds*** may each have drawn very different audiences but their Oscar recognition is a clear sign of improved variety and inclusion amongst Academy voters.

Two of the Best Picture contenders have recently hit South African screens and have found their niche in Cinema Nouveau circles. ***An Education*** is a British film about a young girl's love affair with an older man and her consequent coming-of-age in the Sixties.

***Up in the Air*** by *Juno*-director Jason Reitman stars George Clooney as an emotionally distant man whose job it is to fire people. His life comes to an abrupt halt when he meets what he believes to be the woman of his dreams.

Four of the films in the running for the golden man have yet to make their way to this side of globe. The most noteworthy of these is Kathryn Bigelow's ***The Hurt Locker***. While *Avatar* is clearly audiences' pick for the film of the year, critics are hailing this war movie as the most deserving of 2009.

Filmed on a shoe-string budget, *The Hurt Locker* is both a highly kinetic action movie and a psychologically intense investigation into the lives of American bomb diffusal experts in Iraq.

What makes this film's Oscar nomination even more interesting is the fact that Bigelow – only the fouth woman to be nominated for the Best Director award – is the ex-wife of *Avatar*-director James Cameron. While it seems settled that Cameron's film will walk away with the Best Picture award, experts predict that the Best Director award may just go to a woman for the first time.

The Coen Brothers – who have already seen gold at the Oscars before with their film *No Country For Old Men* – have returned again. ***A Serious Man*** is as grim as their previous work, only this time it veers more in the direction of satire and dark humour. Like *The Hurt Locker*, this film is a more understated film which has been well-received by arthouse-audiences.

Another lower-budget film that has caught Oscar's attention is ***Precious***. This film – a personal favourite of Oprah's – tells the story of an overweight and illiterate teenage girl's attempts at making something of her life.

Most of the praise that *Precious* has received has focused on comedian Mo'Nique's frighteningly dramatic tour-de-force as the girl's abusive and mentally unstable mother.

Another actress receiving critical attention aplenty is none other than Sandra Bullock. She has received a Best Actress nomination for her performance in ***The Blind Side*** in which she plays a well-to-do suburban mother who adopts a homeless black boy and grooms him to become a star football player. Many feel that Bullock has the Best Actress award in the bag for her deft dramatic work here.

Of course, all this talk is mere speculation. Audiences will have to wait until March to see which one of the favourite films takes the movie industry's top prize.




**Swooooosh!** The smooth winding roads of Jonkershoek offer many possible runs for downhill skateboarders. Here Jonathan Reader is cruising down one of the many hills on this stretch of road. **Photo: JOHANN SWART**

Stellenbosch is a haven for downhill bikers and boarders of all skill levels

# Gravity sucks, but that's not always bad

**EMMA CHIPPENDALE**

It's Tuesday night and the hills in Stellies are alive with the sound of … the distinctive rumble of urethane wheels against tar. For a group of 10-odd adrenaline junkies, this weekly ritual of longboarding down the deserted streets of Stellenbosch is the essence of what downhill skating is all about: high speeds + a bunch of skaters = extreme fun!

Although not an official Maties society, this informal group of longboarders have their own facebook group, Longboard Stellenbosch, on to which photos and videos are uploaded on a regular basis. Since the creation of the site in October 2009, 134 members have joined the group, and many skaters have joined the hillbombers, booking off their Tuesday nights to slake their need for speed.

The social aspect of the sport is one of its principal attractions and according to Paul du Plessis, one of Longboard Stellenbosch's founding fathers, this comradeship makes for a supportive atmosphere. Even though participation in races takes place on an individual level, there is none of the bitchy competitiveness often associated with competitive sport.

On weekends the group put their skills to the test, braving the slopes of the Franschhoek Pass. The only prerequisite? Sunshine. And balance.

The group also does pretty well on the international scene. Koggelberg played host to longboarders, lugers, and butt-boarders for the ultimate downhill experience from 11 to 13 December 2009. Last year, about five longboarders from Stellenbosch took part in the races, which saw participants from all over the world flock to the picturesque mountains of the Koggelberg Nature Reserve.

One member of the group, Chris Lubbe, even manufactures several of the longboards used by his fellow skaters, who can attest to their world-class standard themselves. His brand, Blue Whiskey, is involved in the various processes of pressing, designing and shaping the way to longboard perfection.

In terms of gaining greater awareness for the sport, the group is all for promoting longboarding consciousness. As summed up by Paul, "The more people, the more fun, the more pioneering, the faster the progression of longboarding".

Another sport that shares longboarding's devotion to motion is downhill mountain biking. However, other than the fact that the "race points downwards", this sport has little else in common with longboarding. Here, the steep tarred roads of the longboarders are replaced with the rocky mountainous terrain that gives downhill cycling its edge.

In comparison to regular mountain-biking, downhilling is largely a "niche sport" in SA, where most of the participants know (of) each other. Like the longboarders, downhill cyclists thrive on the sense of community this sport offers, which affords downhillers the opportunity to learn from each other in terms of cycling technique. Cycling in groups of around two to eight also serves as a good way for mountain bikers to push themselves and see how they fare in relation to one another.

There is also no official downhill mountain-biking club in Stellenbosch, but those students who do indulge in a regular spot of downhilling operate more as a sort of "boys' club" that coordinates group rides and shuttle services to transport riders and their bikes to the top of a slope. Specialised downhill bikes differ from normal mountain bikes, being very heavy and almost impossible to pedal uphill.

**On weekends the group put their skills to the test, braving the slopes of the Franschhoek Pass. The only prerequisite? Sunshine. And balance.**

According to Philip Viljoen, an avid downhill mountain-biker, many downhill cyclists do not participate in the sport on a competitive level, but choose to ride for the sheer "hell of it". Important races, however, include the Urban Assault MTB Classic race which took place on 16 August 2009 in Roodepoort.

Other annual downhill mountain-biking highlights include the SA MTB Champs series (a stretch of which takes place over January in Jonkershoek), a WP Champs series, and the annual Dirtopia Festival race during the Easter Weekend.

In the Stellenbosch area, Eden offers the choice of two tracks for downhill cyclists. Jonkershoek and the Magic Forest in Bellville are also popular mountain-biking spots. In addition, Somerset West hosts two secret locations for downhillers.

Greg Minnaar (3-times Downhill World Cup champion and 2nd at the recent Union Cycliste Internationale World Championships Downhill 2009 in Australia), as well as Andrew Neethling (10th at last year's UCI World Champs) are two South African downhillers who have been faring particularly well on the international scene.

Budding downhill cyclists can obtain more information on the thrills and spills of the sport from local cycling shops who are always more than willing to dish the dirt on downhill biking in terms of well-known riding hotspots and equipment.



Photo: SUPPLIED (*BMX Direct*)

Introducing a growing and very popular form of cycling which demands respect from all

# Sweat, steal and rubber in BMX biking

**SCHOGN LEE**

BMX, like many things, has been affected by the international global recession. This has showed itself in many ways, from the closing of a few local companies to the down-scaling of operations at many bike stores around the country. Although it has been tough times for ús all, it would seem that nothing can stop the growth of BMX in South Africa.

Of course, some will dispute this fact and say that BMX is in fact still "dead". Well, it will never be like back in the heyday again: freestylers sporting crazy neon-coloured racing leathers and rider numbers reaching into the thousands. These things may be a thing of the past, but I can assure you that BMX is still very much alive and kicking in 2010. Spend a day at any one of the more prominent skate parks in SA, like Beach Park in Durban or Brightwaters in Gauteng and you will see hordes of youngsters hacking around on bikes that look too big for them and pros "throwing down" on bikes that look too small! And what's more is that there are more pros than ever and some even travel overseas regularly to train and compete. BMX is even in the Olympics and we have a rider who qualified.

Despite the onslaught of this economic downfall, we have seen an increase in riders right from Paarl down to Thabazimbi. Bikes are being sold and kids are out riding in the streets: nothing has changed then, right? Not really. Parents are still willing to spend that little bit extra to keep their kids happy and that in turn keeps the BMX industry ticking over nicely. Because of tools such as the Internet, DVDs, magazines and Satellite TV our sport is now easily recognisable and slowly becoming more and more acceptable. For too long a BMX has been perceived as a kiddies' bicycle and not something that is a hobby and source of enjoyment, relaxation and social interaction and in some cases even an income for riders of all ages. Yes, there are some who make a living out of this sport and it is hard to be taken seriously when you ride a small bike.

Professionals are gaining the respect they deserve for what they achieve on and off the bike. It's a risky business being a professional; BMX takes just as much stamina and discipline (well almost!) as say a professional Motocross. One wrong move could cost you weeks off the bike recovering and many thousands in equipment replacement. Injuries can be harsh and medical bills expensive. In fact, many medical aid companies do not offer coverage to athletes that take part in extreme sports as the risk of injury is too great.

Geographically, BMX in SA is miles away from anything "big time" such as the competitions held in the States or Europe. There they host huge competitions such as X-Games and Camp Woodward, whereas here we have the Fox Pro-Am and the BMX Direct Ghetto Jam, which are still developing from year to year. These are local events which are keeping riders striving to excel and excited to compete. Travel is important if you want to get noticed and become a "somebody". Getting out and about and being seen is just as important as your skills on the bike. The more you ride, the better your skills become and the more you travel, the more noticed you will be. So get out there! Shred, live life, ride a bike, and have fun doing it.

**For too long a BMX has been perceived as a kiddies' bicycle and not something that is a hobby and source of enjoyment, relaxation and social interaction and in some cases even an income for riders of all ages**


**SR-stembuskonvenor**
**SRc Election Convenor** **2010**

**Aansoeke nou oop!**
**Apply now!**

**Moet beskik oor:**
- breë kennis van studenteleierskapstrukture
- 'n visie vir studenteleierskap op kampus
- goeie organiseringsvaardighede

**Must have:**
- broad knowledge of student leadership structures
- a vision for student leadership on campus
- good organisational skills

SRc


Kontak Neil de Kock vir verdere inligting of besoek die SR se webtuiste

E-pos: neildekock@sun.ac.za
www.sun.ac.za/sr


## Get out there...

*Saamgestel deur Johann Swart en Roann Louw*


Get flying with the Giant Method 02 BMX from Flandria – R2 559




Grab a pair of La Sportiva Scorpion climbing shoes from Outdoor Escape – R845



Start cruising with a Blue Wiskey Skateboard, custom made by Chris Lubbe – R1 300




Set off on your Geocaching adventure with the Garmin Etrek H from Outdoor Escape – R1 350




Go for a tandem skydive at Skydive Robertson from 11 000ft – R1 600











# Modern-day treasure-hunting in Stellenbosch

**SIMON DE LA ROUVIERE**

WHEN someone utters the old cliché "the world is your playground", you don't quite equate it to the outdoor activity called GeoCaching. Have you gone on a hike in the beautiful Stellenbosch surroundings and perhaps come across a small tupperware holder, wondering if some avid hiker lost his miscellaneous possessions?

Imagine supplementing your hiking with some technological treasure-hunting.

GeoCaching is primarily an outdoor activity that was born in the year 2000 when GPS restrictions were lifted. It has grown in popularity in recent years because of cellphone technology making it easier to use GPS. It basically involves punching in GPS coordinates and going on a traditional treasure hunt.

The treasure itself is simple, as the reward is the hunt itself. The cache itself is usually a small tupperware container containing a logbook with a pencil and other miscellaneous items. These traditional caches also offer you the opportunity to trade a simple item for something of similar value or higher – think trading a keyring for a marble.

Other more complex GeoCaching variations include multi-caching, which will have you going from cache to cache trying to find the big one.


For the more "green" oriented, there is the EcoCache, a traditional cache that is placed at environmentally significant locations in order to create awareness. Like a normal treasure hunt, a GeoCache can even contain a mystery or a puzzle to be solved in order to get to the correct GeoCache. In the end it is up to the hider of a cache to decide the extent of the hunt or items inside the cache.

www.geocaching.com is the largest website from which to get information on GPS coordinates and more info on cache types. If you search for caches around Stellenbosch, you will find there are about 240 caches hidden in town and in the mountains. There are 390 in Somerset West and 430 in Cape Town. All you need to explore the world around you is a GPS-enabled device.

For those who are technologically inclined and like to stay indoors, it gives you a great reason to get out and enjoy the beautiful surroundings. For those who like their weekend hikes, it gives you a great reason to make the hike more exciting by checking before you go if there are any caches on or near your trail. If you have a GPS-enabled device, or a friend who has one, get out, go on a hike and do some GeoCache-hunting!



Photos: JOHANN SWART

BLAAS DIE FLUITJIE

WORD 'N SKEIDSREGTER

Raak betrokke by jou gunsteling sport. Sluit aan by jou provinsiale skeidsregtersvereniging vir die beste posisie in die stadion!

SA RUGBY.

www.sareferees.co.za • referee@sarugby.co.za
0861 232 733 of sms "referee" na 082 328 4878

National Referees' Recruitment Campaign

Selfs met die regte opleiding en voorbereiding is hierdie aktiwiteit nie vir *sissies* nie

# Valskermspring – een vir die *bucket list*

**ELNARI POTGIETER**

Are you ready to skydive?" roep jou instrukteur, (ironies genoeg) genaamd Dodgy, terwyl hy die deur van die Cessna-vliegtuigie oopdruk voordat jy kans het om te dink – wat nog te sê met 'n droë keel praat. Jy wonder wat op aarde jou besiel het om uit 'n vliegtuig meer as 1 000 voet bo Moeder Aarde te spring.

Die vorige dag se opleiding skop in: "*Right foot*" (op die trappie), "*Right hand*" (op die vlerk) en jou linkerkant volg. Teen dié tyd wapper jy soos 'n afdroogdoek aan die wasgoeddraad, terwyl jou kneukels wit word van klou aan 'n papierdun vlerk. "*Check in*", "*check out*" (net nie ondertoe nie), "*Go!*". Vir 'n paar sekondes is daar niks... Jy vlieg en val in en na niks, totdat jy onthou om al die toue, skakels, fieterjasies en die valskerm te bekyk vir moontlike probleme. Wanneer jy beheer neem oor die kleurvolle seil bo jou, pomp adrenalien deur jou are en piets die wind jou vel terwyl die wêreld daaronder klaarblyklik soos miere rondskarrel. Jy besef dan: *Skydiving* is nie vir *sissies* nie. Met die bewuswording van 'n geswaai van spane onder jou, besef jy dis tyd om te land – vermy bome, onthou jy in





jou agterkop. Wanneer jou voete (of knieë) weer stewig staan, versprei 'n glimlag oor jou bakkies en jy weet wat jou besiel het om uit daardie vliegtuigie te spring.

Verskillende soorte spronge is moontlik. Tandem-spronge word saam met 'n opgeleide persoon gedoen. Statieselynspronge, as beginnersspronge, is alleen, maar jy is nie verantwoordelik daarvoor om self die valskerm oop te maak nie. Na afloop van 'n paar statieselynspronge binne 'n sekere tydperk, volg vryvalspronge waar jy volle verantwoordelikheid neem vir jou sprong en die gepaardgaande aksies. Voordat enige sprong aangedurf word, is goeie opleiding van kardinale belang. Volledige kursusnotas word verskaf en alle toerusting word breedvoerig verduidelik. Verder word jy ingelig oor hoe om noodsituasies te hanteer en intense sielkundige voorbereiding vind plaas sodat jy met 'n geruste hart nog 'n regmerkie op jou *bucket list* kan maak. Alle basiese toerusting word verskaf. Gereelde *skydivers* skaf egter graag hul eie toerusting volgens hul behoeftes aan.

Entoesiaste bekwaam hulself in die verpakking van valskerms voor spronge, wat 'n aardige sakgeldjie kan beteken ter befondsing van hierdie relatiewe duur sport. Geesdriftiges is mense met waagmoed wat hou van kamp (sommer so by die vliegveld) en kuier en hulle het hul eie legendes en mites om om 'n braaivleisvuurtjie te vertel.

Nuwelinge word met ope arms in die binnekring ontvang, veral na afloop van 'n eerste sprong. Verskeie vliegvelde in die omgewing bied die geleentheid om hierdie sport te beoefen. Skakel 083 462 5666 vir meer inligting of besoek www.skydive.co.za vir die ervaring van 'n leeftyd.

# Gee nuwe betekenis aan "Bobbejaan klim die berg"

**PIETER BOTHA**

OM TEEN 'n loodregte rotswand uit te klim sit beslis nie in enige een se broek nie. Tog is rotsklim as sport meer toeganklik as wat die meeste mense besef. Sekere tipes rotsklim, soos *bouldering*, vereis min toerusting en is relatief veilig. Daarteenoor is ander tipes rostklim wel net vir waaghalsige hardebaarde met spesiale toerusting tot hul beskikking.

Daar is verskeie tipes rotsklim – almal behels die klim van 'n rotswand, maar die hoogte en hoeveelheid toerusting verskil baie.

*Bouldering* is 'n betreklik nuwe sport waar klimmers teen groot losstaande rotse, of *boulders*, uitklim. Geen toue word gebruik nie, aangesien die roetes selde hoër as 5 meter is. 'n *Crash pad* van hoë-digtheidspons word meestal onder die klimmer geplaas om sy val te breek.

Dikwels staan iemand ook onder die klimmer om hom tot bo die *crash pad* te beweeg as hy val. *Bouldering* vereis dinamiese en kragtige bewegings eerder as uithouvermoë. Die Cederberge is 'n *bouldering*-mekka en word gereeld deur van die wêreld se beste klimmers besoek.

Sportklim is naas *bouldering* die veiligste en toeganklikste tipe rotsklim. Klimmers gebruik 'n harnas en spesiale tou as beveiliging. Spesiale boute, bekend as *bolts*, word permanent in die rots geplaas.

'n Klimmer *clip* metaal *quick draws* aan die boute se lusse en ryg sy klimtou daardeur. Die ander ent van die tou word op die grond beheer deur 'n tweede persoon, die *belayer*, wat die tou "vashou" indien die klimmer sou val. Die meeste sportroetes is *single pitch*, ongeveer 30 meter – wat die lengte van 'n gemiddelde klimtou is.

### Tradisionele rotsklim

Dit is die oorspronklike rotsklimstyl, deesdae kortweg bekend as *trad*. In plaas van voorafgeplaasde boute, maak die klimmer staat op sy eie beveiliging deur verskeie tipes toerusting in krake en skeure in die rots te plaas. 'n Algemene voorbeeld is *cams* – spesiale wigte wat teen die kante van 'n kraak vasskop wanneer die klimmer val. Tradisionele rotsklim vereis heelwat vaardigheid, ervaring en toerusting en is nie vir beginners nie.

### *Big wall climbing*

Hier word kranse van tot 1 300 meter oor etlike dae uitgeklim! Klimmers oornag op "hangmatte" teen die kranse. Die granietkranse van Yosemite in die VSA is veral bekend vir hierdie tipe rotsklim. Du Toitskloof in die Wes-Kaap het ook 'n paar roetes wat meestal nog net enkele kere geklim is.

### *Free soloing*


Tydens *free soloing* word daar sonder enige toue of beveiliging geklim. "As jy val, is jy dood" is basies waarop dit neerkom. Roetes van etlike honderde meter is al op hierdie manier geklim. Dikwels word daar ook teen kranse bokant die see of 'n meer geklim – 'n styl bekend as *deep water soloing*.


### So, jy wil ook dit doen?


Die maklikste manier om rotsklimvaardighede te leer is om by 'n binnenshuise klimmuur aan te sluit.

Die BTK het 'n klimmuur by die Neelsie en 'n hele paar gimnasiums in Kaapstad het ook klimmure.

Al wat jy nodig het om te begin is 'n *chalk bag* en klimskoene. Die kalk verhoed dat jou hande sweet en goeie rubber klimskoene is noodsaaklik.









Foto's: VERSKAF


Photo: JOHANN SWART

Dark Heritage, Ministry of Lost Souls and Revenge By Dawn talk about headbanging

# Metal 4 Africa Summerfest bands introduced

JOEY VOLSCHENK

The seventh annual Metal 4 Africa Summerfest was back at the Klein Libertas Theatre again this year on Saturday 30 January. *Die Matie* spoke to a couple of the bands who performed at Summerfest about their thoughts on their genre of choice.

## Dark Heritage

**Who are the band members?**

Stephen Brink-Jones is the vocalist. Thorsten Giersch and Jonathan Limperopoulus are both on guitars. Ettiene van Staden is the bassist and Jan-Paul (JP) is on drums.

**How did you choose the name of your band?**

Thorsten: It just came up in a random conversation.

**Which bands or artists are your main influences?**

JP: The Black Dahlia Murder, Darkane, Soilwork, Lamb of God and The Haunted.

Ettiene: For my main influence (as a bassist) I'd have to say Steve DiGeorgio of Death, Testament and Dragonlord. My favourite bands include Napalm Death, Torture Division, the Project Hate and Naglfar.

**Do you guys have a pre-gig ritual?**

Ettiene: Before hitting the stage I just sit by myself and change my mindset to aggressive mode. Haha. I meditate, if you will. I get myself hyped-up and try and give the crowd good value for their money.

**What makes metal better than other musical genres?**

Thorsten: Well, the metal genre as a whole is better than any other because, well, it simply is. It's better, faster, more technical and heavier.

**Who would you rather do a duet with: Hannah Montana or Lady Gaga?**

JP: Hannah Montana, so I can kick her off the stage.

**Plans for the future?**

We are planning a South African tour covering Kwa-Zulu Natal, Port Elizabeth, Pretoria, Johannesburg, Bloemfontein and maybe even Namibia towards the end of the year.

**Any new releases in the future?**

JP: A new album will be arriving shortly!

**What are your views on the other bands playing at Summerfest? Is there any competition?**

Thorsten: Most are competition, but in a good way. The lineup is awesome. These are local bands we have enjoyed on stage for a while now and it's an honour to be playing with them again.

## Ministry of Lost Souls

**Who are the bandmembers?**

Michael Short is the lead vocalist. Chad Browne is the guitarist and Phil de Beer plays the keyboard. John Yarnold is the drummer and Alex Rohloff is the bassist.

**How did you choose the name of your band?**

Michael: The name actually comes from a song off one of Dream Theater's albums, *Systematic Chaos*.

We chose this as a name because we thought that "The Ministry of Lost Souls" was a good description of ourselves and also a great song that embodies the genre that we wish to play in, namely that of progressive metal.

**Which bands and artists are your main influences?**

Michael: What I think makes us unique is the fact that we all have varying influences and these blend well together to create a unique sound.

On top of this we have a very similar vision for how we want our music to sound. I think we all have very interesting musical tastes, even though we are not all into metal.

In the band we all listen to different music ranging from Lamb of God, Frank Zappa, Dream Theater, Symphony X, Meshuggah, Bumblefoot to Al Di Meola. As with our influences, our music does not have any musical boundaries and we pride ourselves in the fact that we have piano melodies and slow acoustic guitar parts, as well as heavy and technical music.

**Do you guys have a pre-gig ritual?**

Michael: We don't have a band ritual per se, but every member warms up before the show individually. As we set up we usually joke around and make fun of each other or each others' mothers.

**What makes you better than other musical genres?**

Michael: I would never say that we are better than any other genre, but I will say that I think the musicianship in our specific genre of progressive music is of a higher standard than [that of] most genres.

We pride ourselves on good song-writing, as well as playing technical music in odd time signatures that challenges us as musicians and also conveys specific emotions. I think many other genres overlook some of these aspects mentioned, whereas we try to include all of them.

**Any album releases in future?**

Michael: Our first demo tracks will be uploaded on to our Facebook page shortly and, as stated above, our next release will be a full-length album.

**What's next after Summerfest?**

Michael: Being a new band, Summerfest is just the beginning for us. Our first show was in July, and since then we have been very happy with the responses we have been getting all over Cape Town.

I think the fact that we have 7 shows booked in advance in the next month or 2 shows that we are gaining momentum in the local music scene. The next major achievement will be getting on the Hammer the Masses compilation CD being released later this year and our ultimate goals are obviously to get that album recorded and go on a national tour.

**Your views on the other bands playing at summerfest? Any competition?**

Michael: I think that Summerfest is not about competition at all. There are plenty of great bands on the bill and I think that Summerfest is about celebrating and promoting the very unique metal culture in South Africa.

We have had the privilege of playing with many of the bands before, as well as being friends with many of them, and we know that this will be a great showcase of great South African metal.

## Revenge By Dawn

**Who are the band members?**

Adam O'Connor is the lead vocalist while Alex Toua and Jean Hammond are on drums and bass respectively. Marius Vercuiel and Kevin John Dunn are the guitarists.

**How did you choose the name of your band?**

Alex: What goes around comes around and it should hit you in the face by dawn.

**Which bands and artists are your main influences?**

Alex: Lamb of God, In Flames, Arch Enemy, All That Remains, We Shall Perish and Children of Bobom.

**Do you guys have a pre-gig ritual?**

Alex: We drink together as a band.

**What makes metal better than other musical genres?**

Alex: It's completely unlike any other musical genre out there. Full stop.

**Do you have any plans for the future?**

Alex: Once we've finished our album, we're off to Joburg for a couple of large launch gigs. After that, we'll start recording our next album.

**Any album releases in future?**

Our next album will be released at the end of March.

# Maynardville plays host to Shakespeare

ROBERT KADEN AND JOEY VOLSCHENK

THE SHAKESPEAREAN tragedy *Antony and Cleopatra* tells the dramatic story of a love destroyed by politics and tyranny. The Maynardville Open Air Theatre has wisely decided to stage the Bard's epic cross-continental love affair this year.

This production of Shakespeare's play benefits greatly from a cast of award-winning actors. André Weideman stars as Mark Antony, the Roman military mastermind who finds himself deeply in love with the powerful Queen of Egypt, Cleopatra, played by Tinarie van Wyk Loots.

Andrew Laubscher plays the role of Octavius Caesar, the dictator of Rome and the faithful friend of Antony. Dann-Jacques Mouton is particulary mesmerising as the soothsayer who walks onstage handling live snakes.

There are also brilliant performances to be seen by students from Stellenbosch University's Drama Department, such as Hannah Borthwick as Antony's wife, Octavia.

That said, it is Tinarie van Wyk Loots's Cleopatra who truly steals the show. The actress radiates regality and elusiveness in the best way possible.

Director and set designer Marthinus Basson once again shows that he is able to dazzle his audience by drawing first class performances from his actors and taking a new approach to the classic tale.

Basson's re-imagining of *Antony and Cleopatra* is marked by a decidedly minimalistic use of props. The stage is largely uncluttered by objects, thus highlighting the impressiveness of the actors' bodies: their expressions, gestures and costumes stand out and captivate the audience.

The play's use of contemporary costuming is particularly interesting: Caesar and his followers are dressed in classy designer suits while a band of pirates are outfitted with hoodies.

The costumes of the Egyptian characters on the other hand are surreal and other-worldly, stressing the divide between the two lovers' worlds.

Shakespeare's dialogue set against the peaceful backdrop of Maynardville's gardens makes this open air theatre experience something truly magical.

Once again, Maynardville proves itself to be the perfect place to experience some culture with a picnic basket in tow.

The acting is mesmerizing, and the simplistic set, highlighted by spell-binding neon-lighting by Faheem Bardien, makes the trials and tribulations of the characters on stage all the more engaging.

This Shakepearean drama is scheduled to be performed at Mynardville theatre until 20 February.

This event is one that should definitely not be missed. Tickets can be booked at Computicket outlets or at www.computicket.com.

CATHOLIC Student Mass



Every Sunday at 18:30

St Mark's Church • 4 Rustenberg Rd (Opp. Spar)

Info & Transport: 084 619 2657 • acts@sun.ac.za

Web: student.sun.ac.za/acts

# redaksioneel

## Nog stééds die taalkwessie?

Baie studente sug en skud net hul koppe as hulle hoor die taalkwessie is wéér onder bespreking. Maar hoekom raak ons almal moedeloos wanneer ons taalbeleid gesels?

Die argument is "eenvoudig": Stellenbosch is oorspronklik 'n Afrikaanse universiteit, dus moet Afrikaans die primêre (of enigste) taal van onderrig bly. Die ander argument is: te veel mense word uitgesluit wanneer die onderrigtaal Afrikaans is, daarom moet die universiteit in 'n mate "verengels".

Toe kom die T-opsie om die taalprobleem te op te los. 'n Oplossing? In baie gevalle nie. Uit ondervinding weet óf studente óf dosente (of almal) nie heeltemal wat die T-opsie beteken of hoe om dit toe te pas nie.

Sit 'n mens in party klasse word elke woord eers in Afrikaans gesê en dan in Engels vertaal, tot die frustrasie van almal, ongeag wat jou voorkeur-onderrigtaal is.

Dalk is dít die rede waarom studente apaties raak wanneer dit by die taalkwessie kom en waarom klasse al hoe meer verengels, soos prof Hermann Giliomee se navorsing toon. (Hierdie navorsing is by die onlangse Taalberaad aangehaal.)

In baie klasse word die T-opsie nie reg aangewend nie; lesings word later hoofsaaklik in Engels aangebied om meer studente tegemoet te kom.

Dit wil voorkom of die persepsie bestaan dat dit aanvaarbaar is om 'n klas hoofsaaklik in Engels aan te bied omdat die meeste mense Engels verstaan, maar nie noodwendig Afrikaans nie.

Die T-opsie gaan nie daaroor om alles in beide Afrikaans en Engels te herhaal nie, maar om klasse effektief tweetalig aan te bied (met die aanname dat studente beide tale verstaan). 'n Mens kom studeer tog aan 'n universiteit waar jy die taal/ tale verstaan.

Of die T-opsie geslaagd is of nie, kan in 'n eindelose debat ontaard. Daar is net te veel subjektiewe menings hieroor.

Aan die begin van die huidige akademiese jaar is parallelmedium-onderrig by die vier grootste fakulteite ingestel. Kom dié skuif nie juis omdat die T-opsie nie "korrek" aangewend is nie?

Mag daar binnekort 'n oplossing tot die taalkwessie gevind word om onderrig effektief te laat plaasvind, iets wat beide student en dosent tevrede laat. 'n Oplossing waar Afrikaans én Engels gerespekteer word.

# BRIEWE LETTERS

### Time to rethink Welcoming

The welcoming period is what makes Stellenbosch University the place that it is, because it is the introduction that first year students get to the university as well as their respective residences.

We need to understand, though, that we are part of the greater university and what we do at our respective residences reflects on the entire university. This is why we are given guidelines, as well as monitors, from the university for the welcoming period, so they can have some form of quality control over what happens. The monitors check whether we follow the values of friendliness, hospitality and human dignity.

The problem with this system is that the monitors are not consistent and have all had different res experiences and therefore judge each situation from a completely different viewpoint.

The traditions of our residences are what make us unique and therefore proud of who we are and what we stand for. We have to understand, though, that the university is not trying to take away all of our traditions. We are bringing it upon ourselves when we continue to single-mindedly hold on to the way things were done, just because that is how they have always been done. We need to change with the times and use creativity to adapt our traditions to fit in with university policy, as well as our own values.

It can be done. Keep what is good and be intelligent enough to move on from what is holding you back. So many of us have been brain-washed for so long that we cannot see any other way of doing things. If we don't adapt, we'll lose all tradition: then what?

In conclusion I must say that everyone seems to be willing to comment on what the HK do during the welcoming period, but you have to understand that it is a huge responsibility for someone of 20, 21 or 22 years of age, whose main purpose at university is actually to study and obtain a degree, so I just want to say well done to all the HKs for all the tireless, often thankless work you do to make Stellenbosch an awesome university.

– CRAIG GALLOWAY
(HK-MEMBER)

### Almal moet welkom wees

Beste Bothered Boer (*Die Matie*, 27/01)

Ek is 'n trotse Matiestudent wat nie met jou brief saamstem nie. As een van die vooraanstaande universiteite in die land kan ons baie trots wees op alles wat ons hier het. Die diversiteit van die US (Universiteit Stellenbosch) lê in sy studente, rasse, tale, geleenthede en, ja, selfs kuierplekke.

Brother Boer, jou ou vooropgestelde idees hoort in ons ou bedeling waar daar ook onregverdig gediskrimineer is. Daar is deur die vorige generasie met bloed en sweet gebaklei vir die vryheid wat jy so vrylik geniet maar ook as vanselfsprekend aanvaar.

Dalk is jy as *"seasoned senior student"* al te lank op Stellenbosch? Dan, Brother Boer, wil ek jou net daaraan herinner dat Stellenbosch eintlik 'n Afrikaanse universiteit is. Maar jy word nie weggejaag nie; inteendeel, die personeel van die US buig agteroor om jou te akkommodeer.

Dit is ook baie selfsugtig van jou om vir jouself twee plekke toe te eien. Met nagenoeg 25 000 studente wat aan die universiteit swot, sal dit maar broekskeur gaan as almal vir homself twee kuierplekke kan toe-eien.

Dalk is dit tyd vir jou om 'n nuwe kuierplek te vind, Brother Bear? Want jy sê self jy is 'n "senior student". As die nuwe generasie studente jou pla, lê die probleem dalk nie by hulle nie maar by jou. Ek kan die plaaslike ouetehuis aanbeveel: hul dress code sal dalk by jou aanklank vind en jy sal iemand hê om jou argaïese idees mee te deel. Maar ek weet nie of hulle jou sal toelaat nie; keuring is nogal streng daar en verdraagsaamheid is 'n vereiste.

En laastens, is Mystics en Bohemia nie juis veronderstel om die meer liberale kuierplekke te wees nie, waar almal aanvaar word ongeag voorkoms? Nee, Bothered Boer, jy sit die pot heel mis. Ek dink dis tyd dat jy as "senior student" nou net 'n senior raak en nie meer 'n student nie.

– TECHNICOLOUR MATIE

### Don't judge us by our shape

In response to Mari Beukes's letter "Don't judge us by our dresses" (Die Matie, 27/01), I'd like to say that I think it's rather nice that ladies from Lydia are aided in becoming "feminine feminists", as you put it. Upon a second reading, though, I realised that, while defending your right to walk around campus in floral prints, heels and sunhats, you also rather nastily judged (for want of a better word) another style of dress.

Let me say that if you place yourself in a position to defend the attire of the young ladies from Lydia (or anywhere else for that matter), please do yourself a favour and don't denigrate anyone else's fashion sense or body shape. Firstly, it deflates your own argument.

Secondly, it's very immature and unbecoming of a lady.

Your closing line aimed at anyone who has a problem with what Lydians wear was "It's not our fault if your first years are too fat to work a floral print". This was the point at which I decided to write this letter. Ms Beukes, why did you have to bring weight into it?

What does weight have to do with looking utterly fabulous? Are there no chubby young ladies in Lydia? I wonder (if there are any) if they read your letter and identified with it, or found it inspiring? Think about it.

Did you consider for a moment, that as you declare womanhood as comprising strength, inspiration and deserving of respect and in the same vein execute judgment upon judgment in a letter that urges us to stop judging, you have caught yourself out? You are judgemental.

Although you claim to have learnt how to be a woman from Lydia, your letter is hypocritical. On the basis of the ideas set out in your letter, you may be a strong person, but I don't find you inspiring, or worthy of my respect.

I don't judge people according to what they wear. I judge people by their strength of character.

– FAT AND FABULOUS




**IN 'N BLIK GEDRUK** Opgewondenheid heers oor die toevoeging tot kampus van omskepte skeepsvraghouers as behuisingseenhede.


**HOOFREDAKSIE**

**HOOFREDAKTEUR** Annelize Kloppers (redakteur@diematie.sun.ac.za)
**ADJUNKREDAKTEURS** Marietjie Vos (inhoud@diematie.sun.ac.za), Roann Louw (grafika@diematie.sun.ac.za), Marietha Brits (bedryf@diematie.sun.ac.za) **NUUS** Anthea Hartzenberg (nuus@diematie.sun.ac.za)
**AKTUEEL** Anika Marais (aktueel@diematie.sun.ac.za) **DAG EN NAG** Robert Kaden (dn@diematie.sun.ac.za)
**STUDENTELEWE** Joey Volschenk (sl@diematie.sun.ac.za) **SPORT** Mia Smit (sport@diematie.sun.ac.za)
**TEKS** Vakant (teks@diematie.sun.ac.za) **FOTO** Johann Swart (foto@diematie.sun.ac.za)
**ADVERTENSIES** Vakant (ads@diematie.sun.ac.za)
**REKENAAR** Simon de la Rouviere (it@diematie.sun.ac.za)

**MEDEWERKERS**

**KWYTRAAK** Deonette Theart (kwytraak@diematie.sun.ac.za) **CARBON COPY** Ryan Hartley (carboncopy@diematie.sun.ac.za) **HALFPRYS** Elana Esterhuyse (halfprys@diematie.sun.ac.za) **SPOTPRENT** Vakant (spotprent@diematie.sun.ac.za) **ADDISIONELE GRAFIKA** www.sxc.hu **TEKS** Lizl Morden en Madelé du Plessis


**STEL JY BELANG?**

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarassistent betrokke wil raak, woon gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste vloer van die Neelsie.


**TEL** 021 808 3539 **FAKS** 021 808 3538 **E-POS** diematie@diematie.sun.ac.za
**POSADRES** Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602
**WEBADRES** www.sun.ac.za/diematie **OPLAAG** 8 000
**VOLGENDE UITGAWE** 24 Februarie 2010 **SPERDATUM** 17 Februarie 2010
**ADVERTENSIES** 084 858 9902


**KLAGTEPROSEDURE EN FOUTRAPPORTERING**

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op 'n ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienstige en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gelê word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klagtes word deur 'n regsdosent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klagtes moet ingevolge die Mediareglement binne tien werksdae ná publikasie aanhangig gemaak word.

*Die Matie* subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.

Press Council

# Perspektiewe & dinge

## Kings, Marrows, and coming back from the Dead



CARBON COPY

FOR ME, 2010 is the fifth time round: the fifth time arriving in Stellenbosch, the fifth time watching Vensters and Trollies and Vlotte, the fifth time gearing up for a year of study. I was hoping this year would be different. For one thing, I was hoping that we'd all be living in a different country by now.

The secession of the abaThembu people from South Africa has been one of the biggest stories of the year. Maybe. I've been in the Eastern Cape for the past month. The newsworthiness of stories there is ranked on a different scale. For example, these two stories appeared in the same edition of a daily newspaper: 1) MARROWS KEEP GROWING! (They're supposed to be the size of carrots!) and 2) TRANSKEI BOY RETURNS FROM THE DEAD. I understand the interest in the resurrected kid, but what I can't explain is why the marrow story received a half-page picture while the boy defeating death received nothing. If I was the editor of a daily newspaper and I had two stories in front of me, one about a young boy who cast off the shackles of the underworld to once again walk amongst the living and the other about a slightly oversized vegetable I would strongly lean towards getting a picture of previously deceased guy. I'd think people would be interested to see what he looks like: is he suffused by a holy and shining aura of peace and tranquillity or is he all zombified with bits of dead skin hanging off of him? These are the questions which I'm sure a discerning public would be clamouring to have answered and instead they're presented with a half-page picture of a lady with a marrow in her hand. And it's not just the editors who are blasé about the whole miraculous recovery thing: the police seemed equally nonplussed: "We've heard about this sort of thing happening before." Apparently a person returning to life is a fairly common occurrence in the Transkei. The boy himself had not spoken of his five year absence, as befits someone who has just returned from the barren hinterlands that lie on the other side of existence.

**That means that South Africa would be made up of only those small fiddly provinces that I can never remember. (Limpopo? Is that a province?)**

But I'm beginning to digress. The rather long and laboured point that I was trying to make was that things often are judged by a different standard in the Eastern Cape, so you may want to bear that in mind when you read the next story. For those of you who are unaware, King Dalindyebo is the king of the abaThembu people and he may soon be your king. When King Dalindyebo was handed a 15 year jail sentence for, among other things, culpable homicide, kidnapping, arson and assault with intent to do grievous bodily harm, the Justice for King Dalindyebo Campaign was formed to protect him. The Campaign very quickly came up with a novel method: the abaThembu nation would withdraw from South Africa and form its own sovereign state, Thembuland. A shocking revelation, especially when we were told that Thembuland would consist of all of KwaZulu-Natal, the Eastern, Western and Northern Cape as well as parts of Gauteng (including Joburg) and the Free State. That means that South Africa would be made up of only those small fiddly provinces that I can never remember. (Limpopo? Is that a province?) The Campaign also planned to host a National Day of Siege where they would burn their ANC membership cards and burn the national flag.

The abaThembu Traditional Leaders were not exactly in full support of this bold plan. Once they stopped laughing and tweeting about it to their friends, they issued a statement denouncing the idea. In fact even the King was uncertain, saying he "wasn't at the forefront of the issue." I can't understand why everyone is so set against a monarchy; think of all the cool things that come with having a king: knights, castles, peasants, bands of roaming minstrels, horse collars, wizards, dragons and oftentimes whimsical quests for religious objects. Instead of worrying about the global economic recession we'd simply work the fields of our feudal overlords, our only worry the occasional wolf or outbreak of smallpox. As of the writing of this article, the decision to form an independent state was put on hold, so it's unlikely that as you read this you'll be doing so in the glorious state of Thembuland, happy and content under the protection of our king. But even if we're still living in the same old South Africa, in the same old Stellenbosch, it's looking like it's going to be a pretty good year. We probably won't get any newly created kingdoms or magical resurrections, but maybe we'll be able to grow a giant marrow or two.

## Welkom hier in die land van melk en mening



HALFPRYS

*DIE VERSKIL tussen die waarheid en eerlikheid is eenvoudig. Wat waar is, sal nooit vasgestel kan word nie, want te veel mense het te veel opinies. Almal met 'n opinie is eerlik oor wat hulle dink die waarheid is. Eerlikheid is dus die komponent wat een persoon laat glo dat wát hy praat inderdaad as die waarheid beskou kan word. Of hierdie inleiding dus as die waarheid beskou kan word, is nie dieselfde as die idee dat ek in hierdie rubriek sonder skroom eerlik gaan wees nie.*

Voor ek begin om skuldig te voel omdat ek my waarheid gaan tik, wil ek jou vra om rustig te raak. Die Neelsie se koffie is lekker. Drink dit stadig en luister die gesprekke af waarby jy sekerlik of hopelik nooit betrek sal word nie.

Indien jy besluit het dat 'n Woensdag-klas die regte manier is om belese te lyk, kan jy ook rustig raak. Daar's niks wat so 'n gevoel van vryheid skep soos die lees van 'n koerant terwyl 'n dosent sy bes probeer om die aandag op sy interessante powerpoint presentation te projekteer nie.

Verskoon tog as ek enige leser se mileu misken het. Miskien het jy *Die Matie* by jou kamermaat gekry. Wie weet?

Welkom, alle studente! In 2010 is dit moeilik om te glo dat "pret" en "studentelewe" steeds soos in toeka se tyd soos handskoene kan pas. Die enigste handskoene wat vandag se student metafories gesproke in ag moet neem is dié wat met hope waardes en onderliggende motiewe enige vorm van pret uit al wat 'n situasie is papdruk.

Welkom, liewe Eerstejaar! Jy staan nie net uit omdat jy anders aantrek nie. Jy lyk vreemd omdat jou voorregte van in-wees 'n droom geword het. Jy snik nie omdat jy nie gedoop mag word nie: jy skree eerder omdat jy met waardes toegegooi word (en gedoop wil word). Maar waar daar waardes is, is daar 'n lesing oor sisteme wat jou helaas in 'n mooi boksievorm moet plaas.

Op Facebook lyk die lewe ewe somber. Dié virtuele ruimte is aanvanklik daargestel om sosiale netwerke te verstewig. Bande met vriende en vriendinne wat jy jare laas gesien het, word gevorm. Die ou wat langs jou op die trein gesit het, word opgespoor. Jou goeie oomblikke word met foto's vasgevang sodat die hele wêreld – sou jou profile oop wees – kan sien dat jy nie meer 'n nerd is nie. Die realiteit is egter 'n "*cluster*" gemeenskaplike teleurstelling waar groepe oor ernstige sake menings lug. Vriende het nou ook vyande opgespoor. Op Stellenbosch is die storie nie anders nie. Pieter Kloppers se naam moet nou genoem word.

Oor drank moet ons nie eers begin praat nie. Jou waardes is skynbaar nie met jou nie met die neem van 'n slukkie bederf in 'n tyd waar "vetpret" waarskynlik 'n-gesette-meisie-sonder-waardes beteken. Jou drank sal gedokter word. Hoor almal. Jy sal dronk word as jy drink.

Met 'n liniaal of maatband moet jy bepaal of jy rookwette nakom. Asof die reuk van goedkoop sigarette aan klere (of die moontlikheid van 'n kanker in die nabye toekoms) nie genoeg straf is nie. Rokers wat oor laasgenoemde wet stres, moet gaan rook om van die stres ontslae te raak. En indien die tien-meter-weg-van-'n-universiteitsgebou-reël te vreesaanjaend klink, moet jy nie te veel stres nie: daar is baie ander maniere waarop sommige "volwassenes" sal toesien dat die pret uit jou alledaagse bestaan gehaal word.

En hier kom ons by die punt waar "tradisies" in 2010 skielik met woorde soos "disrespekvol" of "uitbuitend" verwar word. Geen eerstejaar kla te veel oor die tradisies nie. En duisende studente wil op Stellenbosch kom swot. Tog voel die wyse manne onder ons dat "waardes" ook die pret uit hierdie praktyk moet tap.

Eerstejaars: Ons is jammer dat jy nou eers 'n eerstejaar is. Ons is jammer dat die enigste prettige tyd in die verwelkomingsweek skynbaar die Alfa-programme was. Ons is jammer dat jy nooit soos 'n volwaardige koshuisinwoner sal voel nie. Ons is jammer as jy jou Jooltyd sonder 'n prim en verwelkomingsleier moes deurbring.

Miskien sal jou kinders of kleinkinders eendag vir jou kan vertel hoe dit voel om 'n ware, trotse Matie te wees.

*Mag jy in 2010 leer dat selfs slim mense moet leer. 'n Voorspoedige 2010 word jou toegewens.*

# GORRELKOP

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampuspolitiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

### VARSITY CUK

GORREL het Maandagaand Coetzenburg met 'n swaar gemoed ingestap vir die eerste Varsity Cup-tuiswedstryd. Dit was uiters onlekker, hoofsaaklik weens die belaglike uitrusting wat saam met die seisoenkaartjies uitgedeel is, naamlik moulose maroon frokkies in kleutergroottes – niks groter as *large* beskikbaar. Selfs Gorrel se bulemiese maatjie se *large* hempie het haar byna versmoor.

*– Gorrel wou van sy voorkoms vergeet deur daardie wonderlike goue vloeistof te nuttig, maar moes 45 minute by die enigste biertentjie by die geleentheid wag. TUT was nie die enigste verloorders nie. Varsity Cup-reëlingskomitee: FAIL.*

### SE VOET!

GORREL is verras deur die jongste verwikkeling in die Neelsie: 'n smousoutomaat wat plakkies verkoop.

Baie nuttig indien jy op 'n dag jou skoene vergeet het of net gou lus is vir 'n vars plakkie oor middagete.

Die idee sou egter meer indrukwekkend gewees het as dit hoegenaamd gewerk het, en nie elke nou-en-dan 'n kaalvoetstudent se R100 gesluk het en dan geweier het om die beloofde paar skoene uit te spoeg nie.

*– Maar wat is volgende? Onderklere? Dalk vir daardie oggende wat jy net glad nie kan onthou wat jy die vorige aand aangevang het nie.*

### VIR-EEN-NEIGING

DIT WAS weer die afgelope week tyd vir die vele studenteverenigings op kampus om kwesbare studente te oorreed om deel van hul studenterekening af te staan aan doellose doele en eindelose openingsfunksies.

Die gebruiklike vertrapping het gesorg dat seniorstudente alternatiewe middageteplanne gemaak het om die eerstejaars en ander nuuskieriges kans te gee om hul siele weg te teken.

*– Gorrel wil net graag Gorrel se medestudente daaraan herinner dat ons hier is om te swot. Dit is egter beslis die moeite werd om by* Die Matie *aan te sluit en daarvoor te skryf. Ons vra nie eers ledegeld nie.*

## kampusquotes

**Ek haat my hare. Dit lyk asof daar iets op my kop groei.**
– Blondine in Die Mystic Boer

**Sy lyk asof sy baie katte het en in 'n plek bly wat na kool ruik.**
– Minder simpatieke student beskryf dosent

**You're basically volunteering to be one of the most hated people on campus.**
– Head monitor speaking at Student Parliament on applying to be a monitor

**Hou nou op om met die mooi meisie langs jou te gesels. Dis 'n duur speelding daai.**
– Ingenieurswiskundedosent tydens eerstejaarsklas

**– Dude, kyk hoe lyk jou snor.**
**– Ek weet, ou, jy moet dit sien as ek jogurt eet!**
– In Bohemia gehoor

**Eerstejaars is maar net vleesagtige spoedhobbels.**
– Nagraadse student in 'n verwelkomende bui

**Dié van julle wat van ABBA hou, gaan sukkel hiermee.**
– Maatskappyregdosent oor die moeilikheidsgraad van sy vak

**Op ons familiefoto staan ons van regs tot ver regs.**
– In gradeplegtigheidseisoen in die Neelsie gehoor

**Do we have to pay for our books ourselves? In cash?**
– First years overheard on the Rooiplein

**Is daai dinge langsaan die vlerke?**
– Tweedejaar-ingenieurstudent wat 'n foto van 'n straler gewys word

***Stuur jou KampusQuotes na quotes@diematie.sun.ac.za***


Nu Bar

**Quote van die week**

**Elke gay ou van Stellenbosch was daar! Dit was soos Mystics, net op 'n ander plek.**
– Partytjieganger oor Lesbigay se eerste funksie

www.nubar.co.za

# PROFESSOR GOUWS: AMANDA! AWETHU!



**"Ek weet nie of hierdie magsposisies tussen die geslagte ooit sal verander nie. Dis moeilik om 'n kultuur se sosiale instellings te verander."**



## KWYTRAAK

Deonette Theart

Dosent. Skrywer. Toekenningswenner. Kampvegter. Raadslid. Navorser. Ma. Dit klink na 'n paar mense se lewens, maar prof Amanda Gouws kry dit reg om al hierdie verskillende rolle van dag tot dag te balanseer.

Prof Gouws is vir sommige studente 'n bekende gesig op kampus. Haar spesialisasievelde is Suid-Afrikaanse politiek, Geslagspolitiek en Politieke Gedrag, en sy is al vyf-en-twintig jaar betrokke by die US se Politieke Wetenskappe-Departement. "Dis 'n leeftyd!" lag sy. "'n Mens bereik 'n tipe *comfort zone*. Ek dink as jy wil groei as akademikus moet jy ook uitdagings vir jouself stel. As 'n mens so lank op dieselfde plek is, raak die uitdagings min." Wanneer 'n mens egter haar CV lees, lyk dit asof dié professor haar eie uitdagings skep.

Prof Gouws se liefde vir vrae vra en argumente vorm, kom al van kleintyd. "Ek weet nie of dit 'n voorreg of 'n onreg was nie, maar ek was in my twaalf jaar van skool in tien verskillende skole. My pa was in die bankwese en ons moes agter sy werk aantrek," vertel sy. Sy sê dat sy as die *new kid on the block* altyd die buitestander was en dinge van 'n objektiewe oogpunt kon benader.

Haar droom was eers om joernalis te word. Daarom het sy haar voorgraadse studies in Kommunikasiekunde (by die destydse Randse Afrikaanse Universiteit) voltooi. Tog het sy van jongs af 'n groot belangstelling in die politiek gehad. Ná haar honneursgraad het sy vir Beeld begin werk. "'n Mens moet egter baie lank by 'n koerant werk voordat jy toegelaat word om 'n politieke berig te skryf. Ek was bloot nie bereid om so lank te wag nie." Sy het dus haar meestersgraad aangepak en die akademiese veld betree. 'n PhD, met hoofvakke Politieke Wetenskappe en Feministiese Teorie, aan die Universiteit van Illinois in die VSA het gevolg. "Die besluit om my studies oorsee voort te sit, het gespruit uit my besef dat daardie tipe blootstelling voordelig sou wees vir my loopbaan as akademikus."

Sy vertel dat haar tyd in die VSA in die laat 1980's eintlik 'n bedekte seën was. "Dit was 'n aaklige tyd in Suid-Afrika se geskiedenis as gevolg van die noodtoestand. Ek was op daardie stadium 'n politieke aktivis. Dus was my weggaan eintlik 'n ontvlugting," sê sy. Sy het wel steeds vir die Vrye Weekblad geskryf.

Prof Gouws was nog nooit bang om radikale standpunte in te neem oor dinge waaroor sy sterk voel nie. Een daarvan is die geslagskwessie wat sy steeds voel 'n wesenlike probleem is. Geslagsongelykheid was nog altyd vir haar self 'n realiteit en daarvandaan ook haar feministiese uitkyk op die lewe. "Van my dae in die koerantwese is daar al teen my gediskrimineer omdat ek 'n vrou is. Vir my generasie vroue was dit 'n daaglikse realiteit." Sy hou vol dat die probleem steeds vandag teenwoordig is.

"Vroue bereik 'n glasplafon in 'n werksopset. Hulle vorder tot 'n sekere vlak en dan kan hulle nie verder nie. Selfs by die universiteit is hierdie ongelykheid sigbaar. In die senaat, wat uit al die professore bestaan, is slegs 40 uit die ongeveer 240 professore vroue," deel sy die skokkende statistiek. Prof Gouws voeg by dat die rede dikwels is dat vroue kinders kry en dan summier uit die akademie verdwyn. Dit is dan baie moeilik om terug te keer.

Die vraag blyk dan te wees of vroue hard genoeg vir hul regte baklei. "Ek dink dis soms baie moeilik om vroue te bereik as jy 'n feminis is, want vroue hou nie van daai label nie. Hulle dink dat as jy 'n feminis is, moet jy mans haat. Dit is glad nie waaroor dit gaan nie!" sê sy doodeenvoudig.

Oor mans wat dalk deur haar geïntimideer kan voel, lag sy net. "Dit gebeur dikwels in die senaat dat ek opstaan en 'n opinie lewer. Daar is altyd mans wat iets te sê sal hê en my sal uitdaag net omdat ek 'n vrou is, eerder as om na die kwessie te luister. Dit is eintlik baie jammer," laat hoor sy amper simpatiek.

Sy sê dat mans dikwels haar debatvoering as aggressief beskou, terwyl dit aanvaarbaar sou wees as hulle presies dieselfde gesê het. "Ek weet nie of hierdie magsposisies tussen die geslagte ooit sal verander nie. Dis moeilik om 'n kultuur se sosiale instellings te verander."

Sy poog oral om ander aan te moedig om vrae te vra. Haar studente word gereeld uitgedaag en ondervra. "Ek glo dat mense meer leer uit 'n interaktiewe styl waar hulle ook idees kan opper. Ek haat dit om net voor die klas te staan en 'n lesing te gee. Ek was nou die dag so geskok om uit te vind dat slegs een of twee uit die hele klas koerant lees!" sê sy geskok.

Benewens klasgee het prof Gouws baie ander verpligtinge. Sy het saam met 'n bekende skrywer van die VSA, James Gibson, 'n boek getiteld *Overcoming Intolerance in South Africa: Experiments in Democratic Persuasion* die lig laat sien. "Ek het hom gekontak terwyl ek besig was met my doktorale tesis. Hy was baie hulpvaardig en ons het deur die jare kontak gehou. Die boek is geskryf na aanleiding van 'n groot meningsopname oor verdraagsaamheid," verduidelik sy. Hulle het verder probeer uitvind of 'n mens 'n onverdraagsame persoon verdraagsaam kan maak. "Die uitslag was dat dit makliker is om 'n verdraagsame persoon onverdraagsaam te maak, as andersom." Dis een van die eerste en grootste studies ooit in dié spesifieke veld in Suid-Afrika.

Die boek het die Alexander George Book Award vir die beste boek in Politieke Wetenskappe ontvang. "Akademiese werk is dikwels baie ondankbaar. Enige toekenning is dus erkenning van goeie werk. Dis ook baie maal 'n aanduiding van jou status in die professie."

Projekte waarmee prof Gouws tans besig is, sluit 'n groot navorsingsprojek oor die versorgingsomstandighede in gemeenskappe met 'n hoë HIV/VIGS-syfer in. "Die veldwerk is gedoen deur lede van die gemeenskap, wat ons dan deeglik nagegaan het. Die gemeenskappe was baie toeganklik omdat hulle hoop dat die navorsing 'n uitwerking sal hê op die regering se beleid." Die navorsing gaan in 'n artikel weergegee word, maar daar word gehoop op 'n uiteindelike boek.

Verder is prof Gouws al die afgelope vier jaar druk besig met die skryf van 'n boek wat handel oor die Vrouebeweging sedert 1994.

Dan ruim sy nog tyd in om 'n raadslid van die Afrika-Geslagsinstituut by die Universiteit van Kaapstad te wees en om gereeld in akademiese joernale te publiseer.

As prof Gouws nie bedrewe is met een van haar tientalle projekte nie, spandeer sy graag tyd met haar twee dogters (onderskeidelik 11 en 15 jaar oud). "My oortuigings het onbewus 'n impak op my kinders. Ons sal dikwels praat oor die seksisme op televisie. Hulle dink anders oor die wêreld en ek dink hulle kry dikwels swaar as gevolg van hul standpunte."

"Ek wil eendag aftree op Arniston. Geen geraas, geen winkels, geen kommersialisering." Maar nie voordat sy daardie boek die lig laat sien nie…

*Foto: Johann Swart*

# The right to choose is the real test of freedom



## STUDENT FORUM

Ryan Hartley

A woman's place. I realise that opening this column with those three words is tantamount to throwing down a rather large gauntlet. The issue of feminism and a woman's position in society remains a touchy one; an offhand remark or *koshuis* competition can attract a lot of unexpected attention. In today's post-post-modern world that can, at the same time, glorify the strong independent woman (like Sarah Connor who is able to balance a family and a career defeating cyborgs from the future) and idolise the meek, scantily clad woman displayed in every second magazine and in every third advertisement, gender issues remain an important talking point. And not just a talking point, but a point where action must be taken, where we must actively fight to protect the hearts and minds of young women.

An unfortunate side effect of this battle is that sometimes villains are created unnecessarily. If there's one element of this debate that I would like to highlight, it is the apparent backlash against those women who, out of their own volition, adopt a more "outdated" or traditional gender role for themselves: the role of a wife or a mother for example. "You're selling yourself short," these young women might be told, or: "You could be so much more." While many may not be directly challenged, there is a tangible feeling that to choose to follow this path is to opt for something less, to forsake a better position, to go against the mark of progress and to let the team down.

There are even touchier areas that appear when feminism confronts the world of religion (although, to be fair, these days it seems like wherever religion is discussed it becomes a touchy area). It often seems as if feminism and religious thought are entirely incompatible. While a religion which bullies and intimidates women into adopting a role subservient to that of men is surely an affront not only to feminists, but to believers in the autonomy of the individual, I cannot see a problem with religions offering a world-view which conflicts with feminist principles.

We surely cannot be so bold, so confidant in the perfection of our ideals, as to adopt a degree of paternalism which overrides the free choice of individuals. To turn to a woman who has, of her own free will, placed herself in a religion which believes that wives should submit to their husbands or which promotes the wearing of a burka is to compromise her right to choose to live her life in the manner in which she best sees fit.

I am a firm believer in the liberating power of information and the innate right of every human being to exercise free will. A free exchange of thoughts and ideas is vital to a tolerant and effective society. We should not be afraid of viewpoints which differ from our own, nor should we seek to obliterate them. When we can discuss ideas which are in conflict with our own without vilifying those who don't believe the same as we do, we can challenge both the opinions of others, but also our own opinions.

Additionally, it is only through allowing others to make decisions which we disagree with that we allow them to express their right to free choice. The idea of choice is not only a principle of enlightened and rational thinkers, it is found in biblical teaching, with individuals and nations constantly being called on to choose between one path and another, to follow or to go their own direction, to choose life or death: Choice is a characteristic which is ingrained in what it means to be a human being.

Our primary goal then should be education and economic upliftment, providing women with opportunities to pursue whatever goals or dreams they have. It is a lack of choice that women must escape from; they should not be liberated from any particular role, but from the idea that they have no option but to remain in that role. In seeking to demonstrate our disapproval of the constraints placed on women, we have merely replaced one expected position with another. It is only when a synthesis of these two extremes is reached that we can truly say that women have been liberated.

A woman's place is not in the kitchen, but neither is a woman's place in the boardroom. A woman's place is wherever she wants it to be.

– Hartley is currently a 5th year BAcc LLB student living in the Live and Learn House for Gender Equality. He appreciates strong-willed and independent women, promise.

Die menings in hierdie rubriek is nie noodwendig dié van die koerant, die redakteur of enige lid van die redaksie nie. | *The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.*




# Fedics upgrades not without challenges

RAISA WESSELS

AT THE final Tygerberg Student Parliament of 2009, held on 29 September, the TSS tender was one of the main topics on the agenda. It was concluded that a booking system and reassessment of price structures would be welcomed by the students present.

A new meal booking system was implemented by Fedics in January and provides benefits including up to 40% price cuts. In the past the main meal cost in excess of twenty rand. With the new pricing structures, students now receive a juice, main meal and dessert for a mere fifteen rand. Similar mechanisms have also been applied to breakfast and supper packages.

The Operations Manager of Fedics, Mr Ian Pursch, describes the new system as the university's attempt to bring services on the Tygerberg Campus in line with that provided on Main Campus. The meal booking system has been operational on Main Campus for several years.

According to Pursch, the booking of meals provides Fedics with more accurate estimates of the amount of food that should be prepared. This results in less food going to waste.



**CHANGES HAVE BEEN MET WITH A VARIETY OF REACTIONS.** Apart from the many renovations that can be observed in the TSS, the sole food service provider has also improved their services and prices. Photo: RHODA DEERS

As is the case with many new initiatives, the current Fedics scheme has had many stumbling blocks.

During the first two weeks, Osler students were unable to book meals. Mr Fanie Oosthuizen, a second year medical student, was told that he would not be able to book any meals.

The issue was resolved two weeks later and Oosthuizen now expresses his feeling towards the booking system with excitement, describing it as being "convenient and financially viable".

Mr Amando Nkoane, TSR member: Student Services, explains that Osler students were unable to book meals due to the fact that they did not fall into the category of a "residence".

Consequently, Osler did not have the appropriate food provider code that enables students to book meals. The delay was due to technical difficulties in creating this code.

Another problem with the booking system related to the cancellation of meals. Booking a meal two days in advance is convenient, but due to the nature of studies at Tygerberg campus, schedules are often changed at the last minute and many students fail to make it to the TSS for their meal.

Cancellations were not initially accepted. A policy has since been adopted which allows students to phone Fedics and request that their meal be kept aside. This model still require students to fetch meals and they will be billed for missed meals.

The merging of general food quota and meal quota was aimed at eliminating difficulties in the management of quota. Many students have experienced system errors such as miscalculations of their quota balances. Rectifying this matter will have the added convenience of allowing students to load quota from any computer.

The menu is displayed at the booking station in the TSS, but Suretha Groenewald, a second year medical student, emphasises the need for its display on the MyMaties web page. This will enable students to know what food they are booking.

Vegetarian options have improved, but Muslim students express dismay at the lack of Halaal meals. The only Halaal meat options are the chicken and boerewors, which cannot be booked in advance.

While many students are positive about the changes taking place, an anonymous student expressed the need for competition and more options at Fedics, as seen in the Neelsie.

Pursch stresses that many changes are still in progress."These will enable us to expand the range of food on offer and to expedite service," he says.

New tills will soon be supplied by the university, which will resolve queuing issues, according to Pursch.

Among students the verdict remains ambivalent, however they feel the resultant benefits cannot be denied.

# Veiligheidsdinamiek

LIZE DE KLERK

DIE US se beskermingsdienste (USBD) verwys na 2010 as 'n jaar van "dinamiese sekuriteit" en mnr. Amando Nkoane, TSR-lid: Studentesake, stem saam. Klem word op aktiewe deelname en verantwoordelikheid geplaas.

'n Onlangse motordiefstal op die Tygerbergkampus is aanduidend dat 'n gesamentlike poging om 'n veiliger kampus te skep die enigste uitweg is.

Op 21 Januarie is mnr. Meyer du Plessis, 'n inwoner van Hippokrateskoshuis, se motor vanaf die Hippokratesparkeerarea gesteel. Du Plessis het sy magnetiese toegangskaart in sy motor vergeet, wat ondanks 'n meganiese beskermingsmeganisme in die motor die oortreder 'n minder opvallende uitgang uit die kampus gebied het.

Mnr. Sarel Nicolhas, 'n USBD-sekuriteitsbeampte, meen dat sulke gevalle in onlangse jare afgeneem het.

Du Plessis het gemerk dat veiligheidskameras die SAPD 'n uitstekende bewysstuk sou bied. Die voorval word deur die Parow SAPD ondersoek.

Dit is met die voorkoms van bogenoemde geval waar die term "dinamiese sekuriteit" ter sprake kom. Studente kan 'n groot rol in die beveiliging van hul omgewing speel.

Volgens die USBD is die riglyne eenvoudig: hou magneetkaarte en besoekersbriefies veilig, hou besittings agter slot en grendel en maak deel uit van kampus se 24-uur alomteenwoordige "kamerastelsel" deur onmiddellik enige ongeruimdhede aan te meld.

Aangaande die in- en uitbeweeg van motors, stel Nicolhas studente gerus dat daar onlangs 'n goeie verstandhouding met hekbeamptes bereik is aangaande hul rol in kampusveiligheid. Strawwe boetes sal voortaan enige nalatigheid vergesel.

Nkoane meen dit is ongelukkig dat so 'n insident reeds so vroeg in die jaar op kampus plaasgevind het. Sekuriteit is vir die TSR 'n topprioriteit en vele projekte word vir 2010 beplan.

Pepersproei en *stun guns* sal binnekort by die TSR-dienstekantoor verkrygbaar wees.

Selfverdedigingsklasse en 'n eksposisie waartydens die korrekte gebruik van veiligheidsapparate verduidelik sal word, sal later hierdie maand nog plaasvind.

'n Beleid aangaande die dra van studentekaarte wat ten alle tye sigbaar moet wees, word tans oorweeg.

'n Kamerastelsel is onlangs by ingange na geboue geïnstalleer en verdere installasies word beplan.

Finansiële ondersteuning vanaf hoofkampus is 'n groot struikelblok. Dit is om hierdie rede dat Nkoane die deelname en verantwoordelikheid van studente noodsaak.

Beide die USBD en die TSR wil in samewerking met alle partye op kampus 'n omgewing skep waar insidente nie net beperk word nie, maar voorkom word.


## You've worked hard to become a professional.

**Wealth creation, estate planning, sickness and disability cover, asset protection.** These matters can easily become a distraction when it comes to your profession. If you're an employed or self-employed degreed professional, Sanlam Cobalt for Professionals could be the tailor-made financial solution for you. We're thinking ahead. Are you?



**Dewald Fourie**
021 945 3354
083 272 3523



**Leon Rossouw**
086 188 6655
082 440 3983



**Jaco du Preez**
021 947 2916
084 254 3484



**Werner Lubbe**
021 945 2696
082 825 6655



**Junaid de Witt**
021 697 5247
084 527 6993



**Louis Marx**
021 947 4419
073 412 8447

Visit www.sanlam.co.za for more details
LICENSED FINANCIAL SERVICES PROVIDER

Sanlam
*Thinking ahead*

## REDAKSIONELE KOMMENTAAR | 10 Feb

# When criticizm becomes catabolic

FOLLOWING a series of studies in 2006, botanists reported that seedlings germinated and grew rapidly in response to classical music and poorly in response to heavy metal genres.

These results seemed to indicate that classical music is beneficial to living organisms whereas heavy metal has detrimental effects.

With time, the studies were reported to be flawed and labelled "pseudoscience". Flowers do not have ears, you see.

The question that comes to mind remains: If music were to influence our physical health, upon which premise would it be based?

Certainly many bright young minds on campus could hypothesise regarding normal human physiology and possible resultant pathophysiological processes. Let us consider the possibility that the matter is far simpler and involves the effects of incessant negativity.

Pessimism was a key mindset in South Africa, May 2004, after we won the bid to host the 2010 FIFA World Cup. Celebrations gave way to doubts regarding infrastructure and organisational abilities.

Now, six years later we are virtually on the eve of this event. Stadia are built and ready. Sepp Blatter, FIFA President, has announced his continued confidence in South Africa as a prepared host nation.

Closer to home, news in 2009 of Tygerberg's RAG separation was met with an outcry by a large number of students (read our JOOL article on page 4 for more on this).

While RAG 2010 had its own pros and cons, Tygerberg certainly did not fall to pieces or implode as was prophesied by many.

In light of the above, do we adopt a lifestyle reminiscent of the Hippie-era and refuse to acknowledge any negativity encountered in society? Do we accuse those who discuss less-than-perfect circumstances of entertaining cynical lifestyles?

Disregarding unfavourable aspects of humanity does not make us optimists, good citizens or any such desired things.

It simply makes us ignorant.

Had South Africa's lack of stadia, roads, trains and accommodation been ignored in the aftermath of winning the FIFA bid, we may well have been standing on the verge of a disastrous World Cup.

Had nobody expressed the fears for Tygerberg Unity, we may not have entered into the new RAG concept with the necessary caution.

Introspection with regard to the level and duration of criticism is, however, at the order of the day. When did this nation's criticism overstep the line of constructivism? At which point did our criticism become so counterproductive that FIFA felt the need to intercede and persuade the host nation that they could pull it off?


Similarly, did Tygerberg students run the risk of protesting the new RAG concept so vehemently that their qualms almost destroyed the very unity they feared losing?

Newspapers, parliaments and forums provide the public with a platform, but that platform should be maintained as one for dialogue and not one for destructive criticism.

Perhaps it is time for us to face the changes in our lives, our country and our university. It is time to cease avoiding dialogue. Instead of persistent negativity, it is time to bring to light all the demons, challenges and fears in order for them to be taken into account.

For perhaps the biggest lesson we can derive from the botanists' study, albeit pseudoscience, is this: Nothing will flourish with incessant negativity.

~ Mariechen Puchert




**MEERHOFF RESIDENTS** *have experienced a variety of maintainence-related problems.*

Cartoon: LAUREL DOMAN

## tmatie-redaksie

**HOOFREDAKSIE (INHOUD):**

**HOOFREDAKTEUR** Mariechen Puchert
**TEKSREDAKTEUR** Chrisjan Labuschagne **GRAFIKA** Rhoda Deers

**BEDRYFSPAN:**

**BEDRYFSHOOF** Alice Fan **Administrative Staff** Vera Afriyie

**JOERNALISTE:**

Raisa Wessels, Lize de Klerk, Craig Anderson, Chris Botha, Coritha Swanepoel, Stephan Nel, Koot Kotze, Martie Pretorius, Annes Kritzinger

*tMATIE is die onafhanklike studentekoerant van die Tygerbergkampus. Kontak gerus die redakteur by 15764591@sun.ac.za met enige klagtes, voorstelle, nuuswenke of bydraes.*

# Ta´matie

*Rubriek*

## Ta'Matie se Middaguur-"biets-en-moun", kwinkslae en 'n raps vir dié wat krap-krap waar dinge nie jeuk nie ...



MY GELIEFDE lesertjies, dit voel soos 'n ewigheid wat ek laas 'n skrywe aan julle gerig het!

Ta'Matie het gesien hoe lekker ou Tygerberg feesgevier het. My arme konstitusie kon skaars byhou met soveel geraas en drankies in een week geprop. *Tante het net die arme bloedjies van die aanvullende gesondheidswetenskappe studies gemis. Feesvieringe moes noodgedwonge plaasvind vóór die onskuldige eerstejaars arriveer.*

Ta'Matie is altyd op heter kole in afwagting op verwelkomingsweek. 'n Glimlaggie verf homself telkens op my gesig as ek die magdom eerstejaars op kampus gewaar. Hul oë glinster met trots vir hul nuwe instelling. Soos die week aanstap word die ogies so rapsie dowwer en vertwyfeling oor hul koshuis, kampus, kursus en kerk wil-wil 'n buiging maak.

*Moes hulle werklik 'n argitek uit* The Third Reich *kry om die kliniese gebou te ontwerp? My "A" in Wiskunde het ook nou skoon padgemaak vir Xhosa! Sê tog vir my: het die Bybel dit so gestipuleer dat 'n kontrak geteken moet word om 'n Psalmpie te sing?*

Foeitog, julle tante is die ene bejammering, liewe eerstejaars.

*Probeer om te onthou dat julle nie alleen is nie. Met die onlangse verkragtinge van die kurrikulum sal daar seker 'n paar derdejaars langs julle in die klas sit.*

So staan die groot JOOLigheid ook nou op ´n einde, behalwe vir die bittereinders wat steeds poog om onse bottelbabas te speen. Ta'Matie hoor dat intra- en interkampus stroewe soos gewoonlik lelik kop uitgesteek het.

*Jul tante wonder net, moes 30 jaar van gesamentlike Tygerberg-JOOL regtig padgee omdat 'n enkele HK-lid gatvol was?*

Raak ontslae van frustrasies in ons lieflike kampus-gimnasium.

*Maak net vinnig, daar is maar net een werkende trapmeul en die plek is blykbaar bankrot!*

Julle sal vinnig vertroud raak met die ander essensiële ontspanningsmeganismes van Tygerbergstudente. Sommige van julle het klaarblyklik reeds die belangrikste een saam met jul HK ervaar.

*Tante hou duim vas dat daar nie ongewenste gevolge uit daardie premature dronkenskap kom nie. Wingerdvog se kind is tog immers nie jou speelmaat nie!*

Die res van julle sal maar vertroosting moet soek in die deesdae "*Earth-tones*-geverfde" TSS. As ek nou sê die res van julle, praat ek egter van die van julle wat gelukkig genoeg is om in 'n *res* te wees. Die armsalige Osler-student moet elke middag die hond in die pot kry.

*Hopelik word jou gelyke status met koshuis-inwoners teen druktyd erken en mag julle ook 'n sappie en nagereg geniet.*

Tot dan moet jy maar verby die lang toue na die koektafel kyk en die wyse woorde van 'n 1980-sesdejaarstudent onthou:

*Tygerberg se probleem bly na al die jare dieselfde; te veel koek, te min tert.*

Tante moet kwaai merk dat daar vir 'n "deursigtige" kampus vreeslik baie gekonkel en weggesteek word.

*Jul tante dink dat die jongklomp klaarblyklik nie weet dat juis geheimsinnigheid sensasie lok nie.*

Ten slotte, sterkte met die studies. Ta'Matie sal aan julle dink, dit is nou indien ek onthou.

*Eendag sal die drukkers in GERGA weer werk, instandhouding jou deur kom regmaak en IT jou rekenaar registreer.*

As dinge te moeilik raak, rys tog te apostelperd na Tante se voorstoep vir 'n heerlike koppie boeretroos.

***Jul tante is mos rekenaargeletterd! Skryf gerus aan haar by tantmatie@gmail.com.***

## tMATIE is op soek na mense wat belangstel in die volgende poste:

**Nuusredakteur**
**Advertensiebestuurder**
**Fotograaf**

Kontak redakteur vir meer ingliting.

**ENIGE KOMMENTAAR?**

Stuur gerus 'n e-pos aan die redakteur by 15764591@sun.ac.za



# Kampuslegende help om bakstene van 'n landelike skool neer te lê

CORITHA SWANEPOEL

DIE FAKULTEIT Gesondheidswetenskappe (FGW) beplan 'n skool in landelike gesondheidsorg wát deur afgetrede professor, Pieter-Luttig van der Merwe, gekoördineer word.

Van der Merwe is meer bekend as Professor Budgie. Hierdie bynaam vergesel hom al vanaf sy skooldae. Die rede vir die bynaam is tot vandag toe onduidelik. "Of dit was omdat ek soos een lyk of omdat ek so baie praat, weet ek nie," verduidelik die afgetrede professor.

Van der Merwe was die hoof van pediatrie en kindergesondheid te Tygerberghospitaal tussen die tydperk van 2003 tot 2009.

Hy het homself beywer vir navorsing, dienslewering en het ook op akademiese uitdagings gefokus.

Van der Merwe, 'n oud-matiesstudent, het homself in die laat sewentigs as arts in kindersorg bekwaam en in die veld van pediatriese kardiologie gespesialiseer. Kongenitale hartdefekte lê hom veral na aan die hart.

In die twee jaar wat hy as algemene praktisyn gewerk het, het hy baie met kinderpasiënte in aanraking gekom. Dit was gedurende hierdie tyd wat sy belangstelling en passie vir kindergesondheidsorg ontwikkel het.

Kort na sy aftrede in Maart 2009, is Van der Merwe deur die dekaan van die FGW aangewys om aan die programmatiese ontwikkeling en uitbouing van die landelike kliniese skool te werk. Hierdie is 'n vlagskipprojek van die US.

Die doel van die landelike skool is tweeledig: eerstens sal finalejaarstudente vir 'n volle jaar blootstelling aan 'n landelike mediese omgewing ontvang. In die tweede plek word daar gehoop dat dit oor die lange duur 'n toename in die aantal algemene praktisyns in die platteland tot gevolg sal hê.

Die landelike kliniese skool staan op twee bene, naamlik die Worcestermodel en die longitudinale distriksmodel. Die Worcester-model is vergelykbaar met die Tygerberg-uiteensetting met spesialiteitsdepartemente waarin studente hulself tans bevind. Hier fokus studente hoofsaaklik op een dissipline op 'n slag.

In teenstelling berus die distriksmodel op die Ukwandaplatvorm. Hierdie model, wat hoofsaaklik uit Ceres, Swellendam, Robertson, Hermanus en Caledon bestaan, sal 'n meer interdissiplinêre aanslag volg. Studente sal op een dag blootstelling aan dissiplines soos byvoorbeeld neonatologie, interne geneeskunde en verloskunde kry.

Verder sal studente in die distriksmodel hoofsaaklik saam met 'n huisarts as toesighouer werk. Die kliniese landelike skool sal studente



meer geleentheid bied om buitepasiënte deur te volg tot in die sale.

Daar is vanselfsprekend struikelblokke wat so 'n landelike kliniese fasiliteit meebring. Volgens Van der Merwe sal dit eers aangespreek moet word voordat studente vir 'n volle jaar daar uitgeplaas kan word.

Enkele voorbeelde hiervan is die personeel wat aangestel moet word, verblyf vir studente, vervoer sowel as tutoriale wat op Tygerbergkampus aangebied word. Beplanning vir die bou van 40 enkelkamers, 'n administratiewe gebou en so meer is reeds aan die gang. Daar word beoog dat die eerste studente wat vir 'n volle jaar hul studente-internskap daar sal doen, reeds in 2011 sal begin.

Volgens Van der Merwe was daar na 'n voorlegging van die projek groot belangstelling in die vyfdejaarklas. "So bykans 80 studente in die klas het aangedui dat hulle daarin sou belangstel om hulle finale jaar op die platteland te voltooi," het hy gesê.

Aangesien slegs 'n klein groep studente aanvanklik die geleentheid sal kan benut, sal daar 'n keurings-proses gebruik moet word. Die keuringskriteria word tans saamgestel.

Aspekte insluitende die student se herkoms, belangstelling in 'n plattelandse mediese loopbaan sowel as beursstudente van die Boland Overberg-distrik sal byvoorbeeld voorkeur kan geniet. Die keuringskriteria en -proses moet nog behoorlik beplan en verfyn word.

Dit is heeltemal vrywillig en geen student sal dus verplig word om aan hierdie inisiatief deel te neem nie.

"Hulle hoef eintlik glad nie van my te praat nie," is Van der Merwe se beskeie opinie oor wat hy glo moet mense van hom onthou.

Een boodskap aan studente is doodeenvoudig om respek vir jouself, jou pasiënte, dosente en mede-studente te hê.

As voormalige hoof van pediatrie lê Tygerbergkinderhospitaal Van der Merwe na aan die hart. "Vir Tygerbergkinderhospitaal om 'n eie gesig en identiteit te hê, soos wat Rooikruiskinderhospitaal het," is die professor se wense vir die instelling. "Dit sou ook help om 'n eie begroting te hê en gevolglik die moontlikhede vir dienslewering te verbeter," glo hy.

Van der Merwe is egter veel meer as 'n akademikus of klinikus. Familie lê hom na aan die hart. Hy en sy vrou het drie kinders en vier kleinkinders. Hy is tans woonsaam by een van sy dogters en dié se kinders op Stellenbosch.

# Climbing thrills body and mind

CRAIG ANDERSON

THE TYGERBERG Rock Climbing Club has been around for six years and attracts much interest from students. The club has members from all walks of life. They share a common passion and love for nature and adventure.

Rock climbing is an extreme sport and challenges participants both mentally and physically. Over the past twenty years it has become one of the fastest growing leisure activities in the world. A significant contributing factor to this global increase in interest is the indoor climbing wall.

Indoor climbing provides a secure environment and enables new climbers to grasp the essential skills. Once they have mastered this it is easier to make the transition to the great outdoors.

The club meets for training in the sports hall every Tuesday and Thursday afternoon at four o'clock.

According to Andrew Murray, Club Chairperson, the club is very fortunate to have access to a climbing wall for training purposes.

At training sessions individuals are assigned various routes on the climbing wall. Club members practice climbing grips, work on their technique and strengthen their bodies.

This training is required to prepare the team for the physical and mental challenges that climbing real mountains presents.

Excursions to the surrounding mountains are made on a weekly basis. Paarl Mountain, Kleinmond, Silvermine and Montague are some of the mountains that have been mastered.



Excursions are enjoyable and safe.

The club has all equipment necessary for rock climbing. On outdoor excursions, use is made of different climbing styles, such as boulder and traditional climbing.

Roschan Maytham, a fourth year medical student, shares the sentiment that the sport is enjoyable for both sexes and that female students need not fear difficulty due to differences in upper-body strength.

Venter Snyman, a club member and second year medical student, enjoys rock climbing because of the thrills associated with overcoming the mental and physical challenges of trying to reach the summit of a mountain.

Murray concurs that rock climbing is a very rewarding sport.

The Tygerberg Rock Climbing Club welcomes all interested students.

Students who did not sign-up during the societies' introduction week can still contact Andrew Murray or pay the club a visit during one of their indoor training sessions.

# Kwestieusheid oor derdejaars, 'n kurrikulum kwelvraag?

ANNES KRITZINGER

GEDURENDE 2009 is daar deur Me. Hananja Boshoff in die *tMATIE* aangaande die veranderinge in die Mediese leerplan en die moontlike bemagtiging van studente wat daaronder studeer, berig.

Wysiging aan die vorige kurrikulum het reeds in 2003 begin, maar vanweë die intensiewe beplannings-proses het dit eers in 2008 amptelik in werking getree.

In die berig (*Kurrikulum bemagtig studente vir die toekoms*, 18 Februarie) word lesers attent gemaak op die verskille tussen die ou- en nuwe kurrikula. In 'n neutedop lê die oorhoofse verskil in die eerste semester van die eerstejaar.

Professor Ben van Heerden, MB, ChB-programkoördineerder, het dit duidelik aan Boshoff gestel dat die ou kurrikulum pad gemaak het vir 'n leerplan wat eenvoudiger, maar ook doeltreffender is.

Van Heerden verduidelik dat die nuwe kurrikulum studente blootstelling aan beide die kliniese en anatomiese aspekte van 'n enkele organsisteem gelyktydig bied.

Die verandering na die nuwe kurrikulum het veral sommige derdejaars van 2009 in 'n moeilike situasie geplaas.

Die rede hiervoor is dat die meeste kliniese modules wat in die ou kurrikulum derdejaarsmodules was, nou deel uit maak van die tweedejaarmodules.

Die bekommernis onder derdejaarstudente was dus rakende wat met hul universiteitsloopbaan en toekoms sou gebeur indien hulle nie in 2009 hul derdejaar deurgekom het nie.

Oorspronklik het dit aan hulle geblyk dat hulle met die tweedejaars van 2010 sou moes inskakel en dus nie een nie, maar twee jaar langer aan die universiteit sou moes studeer.

Van Heerden meld dat daar wel voorsiening gemaak is vir hierdie laaste groep studente van die uitgefasseerde kurrikulum.

> 'n Beleid aangaande "oorgangsmaatreëls" was in plek gestel

Hierdie voorsiening het juis gemik om die bogenoemde moontlikheid so veel as moontlik uit te skakel.

'n Beleid aangaande "oorgangsmaatreëls" was in plek gestel om te voorkom dat die laaste groep derdejaars van die ou kurrikulum terugval en gevolglik twee jaar langer agter die boeke sou moes spandeer.

"Die eerste belangrike maatreël was dat verlede jaar se derdejaars die geleentheid gebied is om vir enige hoeveelheid agterstallige modules 'n spesiale Januarie eksamen te skryf," het Van Heerden gesê.

Die enigste voorwaarde hiervoor was dat hul prestasiepunte vir die onderskeie modules 'n minimum van 40 persent was.

Daar is vir studente wat steeds in die lig van bogenoemde nie die mas kon opkom nie, spesiale akademiese programme uitgewerk.

Met behulp van hierdie programme sal hulle wel in 2011 na die vierdejaar kan promoveer.

Hierdie groep studente maak dus deel van die nuwe kurrikulum uit, maar hul verloor slegs een akademiese studiejaar in plaas van twee. So ver as wat Van Heerden se kennis strek is al die derdejaarstudente, wat in 2009 gesak het en toegelaat is om aan te hou studeer, steeds deel van die MB, ChB-program.

Diegene wat teruggesak het is reeds besig om hul agterstallige modules in te haal.

Die klasverteenwoordiger van die MB, ChB vierdejaarsklas, mnr. Petrus Steyn, het op *tMATIE* se navrae genoem dat die derdejaars van 2009 wel bewus was van wat op hulle sou wag indien hulle in hierdie tipe situasie sou beland.

Elnette Botha, TSR-lid: Tygerberg Akademiese Belange Raad, noem dat die TABR tot op hede nie 'n rol in die verandering van die kurrikulum gespeel het nie en dat hul nie bemoeid was met die kwessies aangaande die derdejaars van 2009 nie.

Die FGW stel dit duidelik dat dit belangrik is om te onthou dat hulle ten alle tye die belange van studente voor in hul beplannings het en tot die beste van hul vermoë studente probeer akkommodeer.

# JOOL: Jolyt of Jolliejeuk?

**MARTIE PRETORIUS**



**OPELUGTEATER IN TECHNICOLOUR:** Vensters het hierdie jaar gebruik gemaak van die "groen" tema. Hier vermaak Hippokrateskoshuis toeskouers en moedig waterbesparing aan. Foto: YDA ENGELBRECHT

TYGERBERG-JOOL was vir etlike jare 'n gesamentlike poging van al die koshuise op kampus. Gedurende 2008 het Tygerberg met die Militêre Akademie (MILAK) geskakel. In 2009 is die besluit egter geneem om 'n alliansie met 'n koshuis vanaf hoofkampus saam te snoer. Die gevolg: Meta-Tyger en hul Einstein-vlot.

Na vele geredekawel, huisvergaderings en stemprosesse is daar in 2009 besluit dat die instansie van Tygerberg-JOOL sou disintegreer. *tMATIE* het in haar uitgawe van 1 April 2009 oor ontlokte bekommernisse aangaande logistiese beplanning en kampuseenheid verslaggegee.

Hippokrates smelt toe saam met Heemstede en maak golwe met hul $H_2O$ poging. Huis Francie verskyn met Dagbreek op HDTV. Meerhoff, Osler en Huis Kerkenberg slaan saam met Goldfields die kleurgrens tot niet, want in die reënboognasie is kleur nie 'n kwessie nie.

Die grootste vrees met betrekking tot JOOL-2010 was dat dit kampuseenheid sou kwes. Dit was inderdaad ook die kwessie wat die grootste polemiek by die relevante studenteparlemente en verkiesingsprosesse van 2009 gelok het.

Mnr. Keeve de Villiers, voorsitter van die TSR, meen dat kampuseenheid nie baie aangetas is nie, maar dat dit te vroeg is om 'n objektiewe opinie daaroor te vorm. Volgens hom sal die ware barometer vir sukses van hierdie jaar se situasie eers te voorskyn kom wanneer die 2010-eerstejaars JOOL moet dra.

Mnr. Jaco Blomerus, Primarius van Kerkenbergkoshuis se opinie oor JOOL en kampuseenheid: "Ek dink nie die verdeling van Tygerberg-JOOL het enigsins 'n effek op kampuseenheid nie. Wat is kampuseenheid? Is daar so iets op Tygerberg? Indien wel, hoe word hierdie 'eenheid' versterk al dan nie?"

Me. Anika Barnard, Osler HK-lid: JOOL, deel dat 'n skeiding van nature 'n effek op kampuseenheid sal hê. "Dit is egter belangrik," sê sy, "dat ons moet onthou waaroor JOOL gaan. Jou Onbaatsugtige Opoffering vir Liefdadigheid, alles ten bate van Maties Gemeenskapsdiens. Gemeenskapsdiens is juis iets waarmee ons werk. Met dit in gedagte sal die gesindheid moontlik nie een wees van opstandige kompetisie nie, maar een van mede begrip en samewerking, met eenheid as gevolg."

Soos met vorige jare het logistiek deel uitgemaak van die Tygerbergse JOOL-ervaring. Die afstand tussen Tygerberg en Stellenbosch beteken dat eerstejaars, HK-lede en JOOL-materiaal teen groter kostes rondgekarwei moet word. Dit impliseer ook vroeër opstaan en later gaan slaap.

Adri Brits, TSR: administrasiebeampte, noem dat die logistieke en finansiële las op die FGW hierdie jaar baie groter was as in die verlede. Sy meen dat Tygerbergstudente te min en te besig is om almal in verskillende rigtings te gaan en dat dit "goed is om koshuistrots te bou, maar Tygerbergtrots is ook belangrik."

Keeve glo dat Tygerberg se grootste probleem bloot een van tydsbesteding is. "Ons loop klas en skryf toets of het kliniese verpligtinge terwyl die hoofkampusstudente nog met vakansie is en bloed en sweet aan JOOL kan wei. Dit sal elke jaar 'n probleem wees en ons sal moet kyk na 'n ander oplossing vir die toekoms."

Blomerus beaam: "Studies op Tygerberg, dien op 'n HK en die bestuur van 'n JOOL-portefeulje is 'n onaangename brousel. Verder is daar Stellenbosch en dan is daar Tygerberg. Ons bly op Tygerberg. Dit beteken dat jy gewoond moet raak aan laaste in die ry staan."

Ná die afsonderlike skakelings met MILAK en Metanoia is daar besluit om na nuwer modelle te draai. Die vraag is dus of kampus gaan besluit om na JOOL 2010 terug na die oorspronklike JOOL-konsep te keer?

Volgens Keeve is dit moeilik om hieroor te spekuleer. Dit is veral waar ten opsigte van die spoedige veranderinge wat tussen 2007 en 2010 geskied het.

Mnr. Jaco-Niel de Villiers, primkomiteevoorsitter en primarius van Meerhoff, vertel dat die onderskeie HK's heelwat by hoofkampuskoshuise geleer het. Hierdie verwysing is veral waar rakende eienaarskap van JOOL-portefeuljes. Ten spyte hiervan glo hy nie dat Tygerberg se verdeling oor die langtermyn voortgesit kan word nie.

Jaco-Neil brei uit: "Ons is almal gemengde koshuise. Met wie sal ons skakel? Daar is net sóveel gemengde koshuise op Stellenbosch."

Blomerus meen dat alle faktore in ag geneem sal moet word en die besluit wat die beste deursnit uitkoms vir al die koshuise en privaatwyk behels, geneem sal moet word.

Kampus is dit wel een dat JOOL-2010 'n genotvolle ervaring was.

Me. Lou-Anne Adams, primaria van Huis Francie meen dat dit geweldige koshuisgees gebou het. "Alles vir die huis," meen sy.

Keeve voeg ook by dat Tygerbergentiteite in terme van prestasie een van die beste JOOL-pogings in jare beleef het. Dit sal wel eers ná die JOOL-bal bevestig kan word, maar hy meen dat Tygerbergkoshuise heel moontlik sal sorg vir 'n paar verrassings by die bal.

Finansies, eenheid, logistiek en doelgerigtheid is alles faktore wat in ag geneem sal moet word wanneer die TSR en afsonderlike koshuise en PSO-wykHuiskomitees die sukses van die JOOL-konsep evalueer.

# Skuim, Wyn en Punk Rockers

**CHRIS BOTHA**



**PARTYTJIEGANGERS BY DIE SKUIMPARTY LAAT HUL INHIBISIES GAAN.** Dié geleentheid deur Huis Francie het sels die organiseerders se verwagtinge oortref. Foto: GREGORY HANSLO

TYGERBERGSTUDENTE vertel graag van die gebrek aan sosiale interaksie op kampus. Wanneer daar wel só 'n geleentheid hul te beurt val, word daar verseker dat die herinneringe vir altyd in hul geheues afgeëts bly.

Hippokrates se Hippo-braai het 4 Januarie oudergewoonte die feesvieringe van Feesweek op dreef gesit. Gratis boereworsrolletjies en 'n meganiese bul het gesorg vir goeie bywoning hier.

"Die Skuimpartytjie het veel meer mense gelok as wat verwag was, selfs studente van hoofkampus," bieg Marita Meintjies, Huis Francie HK-lid: Sosiaal.

Osler se "Cocktail and Hats" partytjie wat op 6 Januarie plaasgevind het, het die welkome belofte van "Mocktails" vir studente wat verkies om nie alkohol te gebruik nie, gehad. Alhoewel die dra van 'n hoed nie verpligtend was nie, kan die swak bywoning moontlik toegeskryf word aan studente wat nie hoedens gehad het om te dra nie.

Schalk van der Merwe, tweedejaar mediesestudent, lag oor wat hy die meeste geniet het : "Die kaas, by die Kaas en Wyn". Hierdie geleentheid was deur die TSR aangebied. Teen R5 vir die hele aand se verversings het studente gou vergeet van die klaarblyklike gebrek aan genoeg kaas.

Quad Rock deur Meerhoff op 11 Januarie aangebied, was die enigste geleentheid met 'n lewendige groep op die verhoog. Partytjiegangers kon soos "Punk-rockers" aantrek en dié wat dit bygewoon het, het die geleentheid aangegryp. Bywoning hier was slegter as verwag.

Volgens Lizahn Esterhuizen, Kerkenberg se HK-lid: Sosiaal, het Kerkenberg hul aandag daarop toegespits om te verseker dat die kareoke alle musieksmake akkommodeer. "Dit was 'n rustige affêre, met smullekker pannekoek en drinkgoedjies, die nuwe toevoeging tot feesweek gaan elke jaar van krag tot krag," het sy entoesiasties opgemerk.

Gedurende die verrigtinge het die Studente Dekaan, mnr. Lewellyn MacMaster en die inwonende hoof van Kerkenberg, mnr. Noel Bekkers, 'n duet opgevoer.

Sterrenberg Schoombee, HK-lid: Hippo Braai, verduidelik van die probleme rakende hierdie jaar se Feesweek : "As gevolg van die Sokker Wêreldbeker moes Feesweek vroeër as normaal geskied, aangesien dit voor die JOOL-tyd en die aankoms van die eerstejaars gehou moes word".

Die tyd-faktor was dus knap en Live Bands kon nie soos in die verlede gereël word vir Hippo se Braai nie.

Sven du Plessis, TSR-lid: Kampusinteraksie, merk dat dit jammer is dat die aanvullende gesondheidsberoepe studente nie Feesweek kon bywoon nie, om rede die vroeër datums.

Vir Du Plessis was dit 'n eer om Feesweek te reël en sien hy dit as iets wat hy aan kampus kon terug gee. Hy noem ook dat geen ernstige voorvalle vanjaar kop uitgesteek het nie.

Die konsensus onder menige studente op kampus is dié van 'n Feesweek wat die moeite werd was om by te woon.

In Simon Poerstamper, 'n tweedejaar mediesestudent, se woorde: "Tygerbergstudente weet hoe om hard te leer, maar hulle weet ook hoe om 'n genotvolle tyd te hê."

# Prohibition Pulls Pool Party Plug

**STEPHAN NEL & KOOT KOTZE**

OSLER House Committee members were disappointed to find that hosting a party at Stellenbosch University is becoming progressively more difficult.

Upon starting the planning phase of their annual pool party, they were informed by Mr Noël Bekkers, Res-Ed co-ordinator for Tygerberg, that they would need to clear a few hurdles before commencing with their festivities.

The *tMATIE* investigated the matter.

A new ruling has been introduced by the university which prohibits the sales of alcohol on campus under a temporary license.

Alcohol will henceforth only be available under the University's liquor license at allocated venues, which are to be identified soon.

The TSS is one of these venues.

According to Mr Marvin Bailey, Primarius of Osler PSO, the resolution was handed down by the University of Stellenbosch, shortly after the end of orientation.

Poor student behaviour and several alcohol-related incidents on Main Campus were cited as reasons for the decision.

Bailey said that it appeared as though the university wanted to make it as difficult as possible to throw a party, or at the least a party with alcohol.

After deciding that alcoholic beverages would no longer be sold at the party, Osler was still asked to apply for a liquor license.

This process would entail seeking the advice of a legal professional to state the case in front of a magistrate and would thus involve legal costs.

Combined with recent changes in the National Liquor Law, these processes would make alcohol sales at residence parties a matter of great administrative burden.

Students will be required to find alternative outlets to purchase alcoholic beverages.

In terms of the pool party, Osler has made the suggestion that students host private pre-parties where they may consume their own beverages.

The current ruling, as seen at big university events such as *Vensters*, is that alcohol may not be sold unless it is done under the auspices of a permanent liquor license.

It may be consumed privately and on campus, provided that the beverage is not identifiable as liquor.

Bailey was not optimistic regarding the ramifications that the new rulings hold.

"Residence parties provide safer environments where the amount of alcohol can be controlled and buddy systems are in place. For example, at Henne and Hane 2009, campus authorities were able to enforce a cut-off time for alcohol sales."

*Students will be required to find alternative outlets to purchase alcoholic beverages.*

Bailey also hypothesises that fewer social events may be arranged in the future, as clubs and private parties selling alcoholic beverages serve as better and more convenient choices for students.

Mr Sven du Plessis, TSR member: Campus Interaction, confirmed the initiation of the new liquor policies.

At the time of going to press, the TSR had not been supplied with any more information in this regard than what is available to residences.

The New
Esquire
bar | lounge

LANZERAC HOTEL
1692

Friday Night Extravaganza:

Join us at the new Esquire Bar and Lounge for live music every Friday night. Complimentary drink on arrival and free snacks served between 3pm and 9pm. No cover charge and secure off-street parking.

*Bring your student card and get*
*30% discount*
*on all drinks, 7 days a week!*

For further inquiries call: 021 8871132 (Trix le Roux)





**VAT SO!** Werner van Zyl (links) is hier besig om 'n armslotgreep op Gert Gouws uit te oefen tydens 'n oefening by die Van der Stel-Sportklub. **Foto: VERSKAF *(Emile van Zyl)***

Maties wys talent by Statebond-Kampioenskappe

# Judo seëvier in Singapoer

**MIA SMIT**

Twee Maties, Gert Gouws en Werner van Zyl, het gedurende die Somervakansie aan die Statebond Judo-Kampioenskappe in Singapoer deelgeneem.

Van Zyl, 'n finalejaar Meganiese Ingenieurswesestudent, is in die senior nasionale span (o.81kg) opgeneem.

Gouws, 'n eerstejaar Siviele Ingenieurswesestudent, is in die junior (o.20)-span (o.66kg) opgeneem.

Die kampioenskappe het van 6 tot 12 Januarie in Singapoer plaasgevind.

Gouws het sy afdeling gewen en 'n goue medalje verower en Van Zyl het tweede gekom en 'n silwer medalje in die seniorafdeling gewen.

Daar was ongeveer 20 lede in die Suid-Afrikaanse span en hulle het 25 medaljes gewen, waarvan 13 goud was. Indië het baie goed gevaar en het die meeste goue medaljes (20) gewen.

Werner van Zyl sê hulle het dit baie geniet in Singapoer.

"Dit is 'n baie skoon land. Die mense is baie vriendelik en alles is baie goed georganiseerd."

Werner sê verder dat hulle baie beter gedoen het as wat hulle verwag het.

"Dit is 'n baie jong, baie talentvolle span".

Werner sê hy en Gert het mekaar baie goed ondersteun tydens die kampioenskappe. Hy is van mening dat hierdie ondersteuning tot hul sukses bygedra het.

Hy sê judokas is oor die algemeen baie vriendelik, en dat 'n sekere mate van hardwerkendheid en selfmotivering baie nodig is.

Verder noem Werner dat judokas selde konfrontasies begin en ook baie vreedsame mense is. Dit dra by tot die sport se aantrekkingskrag.

Werner sê die Maties Judospan oefen by die Van der Stel-sportklub omdat hulle nie hul eie saal het nie.

Daar is 20 Maties-lede en 60 lede van Van der Stel wat deelneem. Hulle oefen Maandae en Woensdae.

As enige studente wil aansluit, kan hulle vir Candice Appollis by 021 808 4678 kontak.

# Eerstejaarsokker bring sukses vir Medies

**ELRI NIEUWENHUIS**

DIE JAARLIKSE *Six-a-side* Eerstejaarsokkertoernooi het weereens vir groot opwinding gesorg en die manne van Metanoia het hierdie jaar met die hoogste titel weggestap.

Die toernooi is deur die Maties Sokkerklub aangebied. Dit is verlede Saterdag by die Goldfields-bane gehou.

'n *Six-a-side*-toernooi verskil egter van ander sokkerwedstryde aangesien daar slegs ses spelers aan 'n kant is.

**"Daar het hierdie jaar agt vrouespanne deelgeneem"**

Dit maak dit vir die kleiner koshuise en privaatwyke, wat soms te min spelers het vir 'n volle span, moontlik om te kan deelneem.

Daar het hierdie jaar agt vrouespanne deelgeneem wat almal in 'n *round-robin*-formaat teen mekaar te staan gekom het.

Die vroue van Medies en Lydia was die wenners van hul onderskeie poele en het dus in die finale teen mekaar te staan gekom.

Dit is egter merkwaardig dat Lydia tot die finale deurgedring het, aangesien dit die eerste jaar is wat hulle aan hierdie toernooi deelneem. Ondervinding het egter die oorhand gekry en Medies het naelskraap die finale met 1-0 gewen.

Die mans was in twee afdelings ingedeel, naamlik die silwer- en die goue afdeling. In die silwer-afdeling se semi-finaal het Majuba vir Eendrag gewen en sodoende na die finale deurgedring.

In die ander semi-finale het Helderberg en Wilgenhof teen mekaar te staan gekom.

'n Strafdoelskop het Wilgenhof duur te staan gekom en die Swarras van Helderberg het uiteindelik na die finale deurgedring met 'n telling van 3-1.

Die spanne van Helderberg en Majuba wat mekaar in die finaal die stryd aangesê het, het baie ooreenkomste gehad en het vir lank gelykop gebly.

Helderberg het egter teen die eindfluitjie met 2-1 voorgeloop.

Die wenspan se uiters entoesiastiese ondersteuners het beslis ook 'n groot invloed op die uitslag van hierdie wedstryd gehad.

In die goue afdeling se semifinale het Vesta vir Academia geklop. Metanoia het weer vir Oude Molen die stryd aangesê en sodoende na die finale rondte deurgedring.

Die Metanoia/Oude Molenwedstryd was ná die amptelike speeltyd steeds onbeslis en daar moes op strafdoelskoppe staatgemaak word om die wenner te bepaal.

Danksy vinnige reaksies deur Metanoia se doelwagter, Emmanuel Munjeri, het sy span 6-5 gewen.

Ook in die finale kon die manne van Vesta dit nie regkry om 'n doel aan te teken nie.

Metanoia het egter kort ná die begin van die wedstryd 'n onverwagse doel aangeteken en die telling tot aan die einde van die wedstryd bepaal.

Albei spanne het uitgeblink en die hele toernooi het inderdaad getuig van belowende nuwe eerstejaars in ons midde.

Daar was egter net een wenner en die ondersteuners van Metanoia kon beswaarlik meer opgewonde wees oor hul span se oorwinning.



BUCKS FOR BOOKS

Spend R750 or more and you could WIN your bucks back.

(So you can spend them on other stuff you really want.)
PLUS be in line to win a Gigabyte Netbook!

See in store for details. Competition closes 31 March 2010. www.vanschaik.com

STELLENBOSCH: University of Stellenbosch, Langenhoven Centre (Neelsie),
Tel: (021) 887-2830, Email: vssbosch@vanschaik.com

TYGERBERG: University of Stellenbosch, Tygerberg Medical Campus, Student Centre,
Ground Floor, Fransie van Zyl Drive, Tel: (021) 932-0203, Email: tygerberg@vanschaik.com

VAN SCHAIK BOOKSTORE
TAKING YOU PLACES

# Nuwelinge-toernooi beslis iets om na uit te sien

PIET LATEGAN

DIE STEINHOFF Nuwelinge-Rugbytoernooi is deur die jare 'n goeie aptytwekker vir dít wat vir al die rugbyspelers op Stellenbosch voorlê. Dit behoort nie in 2010 van sy patroon af te wyk nie en daar kan uitgesien word na 'n baie mededingende seisoen.

Daar kon al vroeg gesien word dat die wedywering vir posisies in 2010 besonder straf gaan wees. Maties kwyt hul al vir jare lank uitstekend van hul taak in die WP-liga asook in die klubkampioenskappe, en meer onlangs die FNB Varsitybeker.

Dit is dus menige nuwe Matie se trots om vir sy koshuis te speel en die aansporing om te presteer is ook soveel groter.

Die spanne van Dagbreek, Helshoogte, Majuba en PSO het deurgedring na die semi-finale van die uitkloptoernooi en die onderskeie spanne sal alles in die stryd werp om 'n oorwinning te verseker. 'n Oorwinning sal vir die koshuis baie beteken en ook vir die seniors iets gee om oor te glimlag.

Die seniorspanne van Dagbreek en Helshoogte het verlede jaar op Stellenbosch om die koshuistitel meegeding met Dagbreek wat koning gekraai het, en hulle meet weer kragte in een van die semi-finale.

Majuba se seniors het in 2008 hul eerste koshuistitel verower en die jongelinge sal wil poog om op hierdie sukses voort te bou. Die span van PSO stoot altyd 'n sterk span in die veld tydens die eerstejaarstoernooi en hulle sal wil voortbou op sukses wat alreeds in die ander semi-finaal in hierdie toernooi behaal is.

Dagbreek het sy plek verseker met goeie oorwinnings oor Metanoia en Kolonieshof van 44-6 en 21-3 onderskeidelik. Helshoogte het vir Academia met 14-10 en Simonsberg met 18-8 getroef.

Majuba het vir Huis Visser met 32-12 uitgestof en Elsenburg met stof tot nadenke gelaat met 'n oorwinning van 23-3.

PSO het op hul beurt sekergemaak van hul plek onder die laaste vier, met 'n 22-0-oorwinning oor Medies en 'n welverdiende oorwinning oor Helderberg met 14-3.

Daar kan dus uitgesien word na opwindende rugby wat gaan bepaal watter koshuis die kroon gaan dra. Die semi-finale is more en die eindstryd is volgende week Donderdag om 17:00 by die Danie Craven-Stadion.



**HEI! WAT LÊ DAAR?** Quinton Klaase van Metanoia plaas die bal in die skrum saam met Eendrag. Eendrag het Metanoia 33-10 gewen en so deurgedring na die semi-finale van die Steinhoff Nuwelinge-Rugbytoernooi.

Foto: JOHANN SWART

**2010 SOKKERWÊRELDBEKER** FIFA WORLD CUP

Deel Sewe: Nuwe navorsing bring toekoms van gees-simbool in gedrang

# Vuvuzelas op die weegskaal geplaas

ELRI NIEUWENHUIS

Die vuvuzela het die laaste paar jaar deel geword van elke Suid-Afrikaner se lewe. Dit maak nie meer saak of jy 'n sokkergeesdriftige is of nie, jy sal steeds die kenmerkende klank van hierdie horingagtige instrument kan herken. Behalwe dat dit sinoniem is met sokker, kon daar duidelik gedurende die afgelope Jool-bedrywighede gesien word hoe die vuvuzela gees bou. Baie koshuispare het die trompet-tipe instrument gebruik om spanlede en toeskouers opgewonde te maak tydens byvoorbeeld Trollies en die Vlotte-optog. Dit is ook juis hierdie harde, eentonige geluid wat veroorsaak dat so baie mense van mening is dat dit verban moet word.

Die debat rondom die toelaatbaarheid van die vuvuzela, veral met die oog op die Wêreldbeker later vanjaar, het in alle erns vlamgevat nadat klagtes van die Japannese Sokkervereniging ontvang is. Die president van hierdie vereniging het 'n versoek aan Fifa gerig om die vuvuzela te verban tydens die Wêreldbeker. Sy rede hiervoor is dat dit vir die spelers moeilik was om te konsentreer met die geraas van duisende vuvuzelas tydens 'n vriendskaplike wedstryd teen Suid-Afrika in Port Elizabeth verlede jaar. Die Japannese span het verder aangevoer dat die spelers van handgebare gebruik moes maak.

Uit die aard van die saak het die besware ongelukkigheid onder sokkergeesdriftiges veroorsaak. Nie net is die geluid van die vuvuzela 'n groot deel van die sokkerervaring nie, maar die vervaardiging daarvan is ook 'n groot bron van inkomste. Die verbanning van die vuvuzela sou beteken dat plaaslike vervaardigers sou uitmis op die geleentheid om hierdie meterlange plastiek instrument, wat redelik maklik vervaardig kan word, aan duisende buitelanders te verkoop.

Die vuvuzela vorm ook deel van die Afrika-tradisie. Volgens oorlewering is 'n ander tipe vuvuzela in die Afrika-stamme gebruik om stamlede bymekaar te roep. Dit is oorspronklik van Kudu-horing gemaak. Met die draai van die eeu het hierdie instrument al meer simbolies geword van sokker: as gevolg van die Olifant-agtige geluid wat een vuvuzela op sy eie produseer én as gevolg van die byekorf-geluid wat geproduseer word as duisende sportgeesdriftiges binne 'n stadion hul vuvuzelas blaas.

In Julie het FIFA, ten spyte van besware van oorsese spelers, afrigters en kommentators, teen die verbanning van vuvuzelas besluit. Die president van FIFA, Sepp Blatter, het ná die bekendmaking van die besluit gesê: "Daar moet nie gepoog word om [aan] 'n Afrika-wêreldbeker 'n Europese gevoel te gee nie". Dit is volgens hierdie instansie deel van die Suid-Afrikaanse sokker-kultuur en lewer 'n groot bydrae tot die atmosfeer in 'n sokkerstadion.

Alhoewel FIFA van mening is dat die vuvuzela nie die spelers en afrigters behoort te affekteer nie, het navorsers by die Departement Kommunikasiepatologie aan die Universiteit van Pretoria vasgestel dat langdurige blootstelling aan die harde geluid van 'n vuvuzela, gehoorverlies kan aanmoedig. Volgens arbeidsstandaarde behoort niemand vir meer as 'n paar minute binne 'n 2 meter radius van die geluid van 'n vuvuzela te wees nie. Hierdie mediese statistiek kan dus ook 'n goeie platform wees om vuvuzelas te verban of ten minste te vermy. Tog sal die skade wat moontlik deur 'n vuvuzela aangerig kan word, nie veel meer wees as dít wat 'n student op 'n gemiddelde aand in Catwalk ly nie.

Daar is mense wat van mening is dat Stellenbosch in 'n borrel leef en afgesonderd is van die sokker-*hype*. Volgens Ellroy Smith, koördineerder: Koshuis-sokkerliga, is die vuvuzela al net so deel van kampussokker soos wat dit op nasionale vlak is. "As dit gebruik kan word om die kampus 'n bietjie wakker te maak en lus te maak vir sokker, het ek nie 'n probleem daarmee nie."

Dus sal die vuvuzela slegs nóg iets wees waaraan die Suid-Afrikaanse publiek gewoond sal moet raak, veral met die Wêreldbeker wat al hoe nader kom.

# Squash Club ready to go

MIA SMIT

ALTHOUGH squash is generally a very popular sport, especially among working people, it does not get a lot of support from students.

The Maties Squash Club play league matches every Monday for the women and every Tuesday for the men. The team practises every Thursday evening.

There are currently three women's league teams of four players each and three men's league teams of four players each. The women's teams in particular do very well and had 1st, 3rd and 4th places in the Western Province league.

The Matie Squash club will have a First Years' Tournament at the Old Mutual Squash courts next to Helshoogte this weekend and everyone is invited to come and have a look and get involved.

Another upcoming event to look forward to is the Seniors' Tournament which will be held from 24 February to 5 March at the Old Mutual Squash courts.

According to François le Roux, chairperson: Maties Squash, players who would like to take part in this event and have not previously played league for Maties or played in the First Years' Tournament must please contact him if they want to compete in the Seniors' Tournament.

It is compulsory to take part in the Seniors' tournament in order to gain rankings before the league season begins on 8 March. Entries for the tournament will be available from 15 to 22 February at the Old Mutual Squash Courts.

The Maties Squash Club is a very social club and have a lot of social events, which people are welcome to attend. The Maties Squash Club would like to invite students and non-students to join. People can contact François le Roux at 084 517 0858.

Bergzicht Plaza Laundry
Drop & Collect
5 Days a Week
Reliable Lucille, will be at to your service
Bergzicht Plaza Wassery
Voorafbetaalde wasgerief beskikbaar
Betroubare Lucille, sal tot u diens wees
Vir navrae, skakel: Ronel 082 258 0568

Foto Studio Lockley
SINCE 1873
SOEK U 'N FOTOGRAAF? KYK DAN NIE VERDER NIE
• Koshuis foto's
• Ook digitale foto's en op CD gebrand
• Grade Foto's
• Portrette
• Paspoort en & ID foto's terwyl u wag.
Pleinstraat 21, Stellenbosch
Tel. 021 883 3131 - Faks 021 886 6378
Skuins oorkant Hoofposkantoor en Langs Europa Koffieshop.
COR LANGENBERG

CAPE BUDGET ACCOMMODATION
RIVERVIEW LODGE
SPECIALISTS IN SPORTS TOURS & LARGE GROUPS
5 star budget accommodation
R125/night-breakfast incl.
RIVERVIEW LODGE (CAPE TOWN)
Ideal for large/small groups
Conveniently close to UCT and all that Cape Town offers
Holiday accommodation
Tel (021) 447 9056
Fax (021) 447 5192
email info@riverview.co.za
www.riverview.co.za

Die Bloukamer
Restaurant - Catering-
Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neelsie Centre
Big screen TV | Bar
021 808 2846
eriko@diebloukamer.co.za

Die MATIE
# Sport

WOENSDAG 10 FEBRUARIE 2010 | NEGE-EN-SESTIGSTE JAARGANG | NO 5 | GRATIS OP KAMPUS VERSPREI

Die Bloukamer
Restaurant - Catering-
Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neelsie Centre
Big screen TV | Bar
021 808 2846
eriko@diebloukamer.co.za

## Skaak nie net vir bleeksiele

**MIA SMIT**

DIE MEESTE mense assosieer sport met swoeg en sweet en sien daarom nie iets soos skaak as 'n sport nie. Maar as jy nadere kennis met dié sport maak, besef jy dat jou breinselle swoeg en sweet en dit daarom wel as sport kan kwalifiseer.

Maties-Skaak is nou al vir 'n jaar lank nie meer deel van die Verenigingsraad nie, maar deel van die Sportburo.

Daar is verskeie opwindende gebeure op Maties Skaak se kalender. Op 25 Februarie begin die Liga. Dit word by vyf verskillende koshuise gehou. Daar is twintig koshuise wat deelneem en daar is agt rondtes oor agt weke. Die jaarlikse Stellenbosch Ope is ook van 16 tot 17 April.

Behalwe die liga is daar ook 'n Sosiale klub. Hierdie klub is vir beginnerspelers. Dan is daar ook natuurlik die Maties-Skaakklub vir die ernstiger skaakspelers onder ons.

Die skaakklub se ledegetal het van 300 lede na 'n magtige 530 lede gegroei. Edzard Jordaan, stigter: Maties-Skaak, is van mening dat die gewildheid van skaak toegeskryf kan word daaraan dat mense nou "baie meer akademies" raak. Jordaan sê ook: "Skaak help die brein om inligting beter te prosesseer". Skaak is ook eintlik 'n baie diverse sport. Omdat skaak nie staatmaak op jou fisieke ontwikkeling nie en slegs gebruik maak van jou intellektuele vermoëns, kan enige iemand teen enige iemand anders speel. Mense met gestremdhede is ook baie welkom om deel te neem. Jordaan sê dat skaak eintlik 'n spansport is. 'n Sport soos skaak kan dus mense bymekaarbring op 'n manier wat beleide baie keer sukkel om reg te kry.

As iemand wil betrokke raak kan hulle vir Petro Amos, voorsitter: Maties-Skaak, by 084 708 7565 kontak.




**'N MATIE SONDER KEER** Maties-linkervleuel Tythan Adams is hier fluks op pad doellyn toe met die bal tydens Maandagaand se Varsity Cup-wedstryd teen die Tshwane Universiteit van Tegnologie. Buitesenter Stokkies Hanekom en agsteman Tertius Daniller het hom ondersteun. **Foto: JOHANN SWART**

### Vorige Varsity Cup-wenners wen maklik teen TUT

## Maties poog vir 'n stel van drie

**PIET LATEGAN**

Maties het verlede week hul seisoen met 'n knal afgeskop deur die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit met 68-20 te wen. FNB Maties het ook Maandagaand die sukses voortgesit deur die span van die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) met 62-0 te oorompel. Die span moes verskeie staatmakers aan provinsiale rugby afstaan. Beide spanne het oorywerig begin en daar is verskeie foute op kritieke tye gemaak. Die losskakel van TUT, Jacques Venter, het sommer vroeg 'n strafskop verbrou, en daarmee saam hul enigste kans vir punte.

Maties het verder beheer oor die vaste fasette verkry en die vaste vyf wat bestaan het uit Hugo Kloppers, Andrew Prior, Lourens Adriaanse, Matthew Dobson en Johan Roets het hieruit voordeel getrek. Soos hulle beheer verkry het, was daar meer bal vir die agterlyn. Tythan Adams het sy klas onderstreep deur 'n agterlynbeweging van die Maroentruie klassiek af te rond nadat hy omtrent veertig meter genael het. Maties se agterlyn was deurentyd vol planne en baie vernuf is ten toongestel. Die skakelpaar Conrad Hoffman en Hayden Groepes het die spel deurentyd goed gelees en Groepes is net voor rustyd met 'n uitstekende drie beloon. Dit het die rustydtelling op 31-0 in Maties se guns te staan gebring.

Die binnesenter Dabeon Draghoender het deurentyd vernuftig voorgekom en is met twee drieë beloon. In die tweede helfte het Maties hul opmars voortgesit deur nog 31 punte in te ryg. Maties het die klassieke patroon gevolg en voor saggemaak en dan daarna agter geslaan. Die voorspelers het nou begin om drieë aan te teken en onder andere die flank Jonathan Adendorf en die slot Andrew Prior het drieë aangeteken.

Stephan van der Merwe en Danie Poolman het TUT se lyding vererger en het die punte opgestapel. As dit so aanhou kan die Maties op 'n derde titel aanspraak maak.

Maties het wel nie vanjaar vir die klubkampioenskappe gekwalifiseer of die WP-liga gewen nie, maar uit die bogenoemde blyk dit dat daar nou met ywer uitgesien kan word na die 2010-seisoen.

Steinhoff International

VARSITY CUP 2010

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Feb 15 | Maties | vs | UJ | UJ Stadium | 6:30pm |
| Feb 22 | Maties | vs | Shimlas | Danie Craven Stadium | 7:30pm |
| Mrt 1 | Maties | vs | Tuks | Danie Craven Stadium | 4:30pm |
| Mrt 8 | Maties | vs | UCT | Danie Craven Stadium | 6:30pm |
| Mrt 15 | Maties | vs | Pukke | Fanie du Toit Stadium | 4:30pm |

Semi-finals 22 Maart | Finale 29 Maart

FIRST NATIONAL BANK MATIES FIRST TEAM

FNB MATIES

Maandag 8 Feb 2010
FNB Maties vs TUT
62 - 0

First National Bank
How can we help you